# *Waarom Ek Vir Die Siekes Bid*

Dankie, broer. Baie dankie, vriende, en goeienaand. Julle kan maar sit, as julle wil. Ek's bly om vanaand hier te wees, bly om julle te groet, in die Naam van ons Here Jesus. Vir 'n geruime tyd gekyk, om hier te wees om vir julle te preek, en ek vertrou dat hierdie 'n wonderlike tyd vir ons almal sal wees.

2 Ek was jammer om laat te wees aan die begin, maar ek's in elk geval, gewoonlik laat. Hier 'n tyd gelede, het ek in 'n kerk ingekom, en die prediker van die Verenigde Broeders kerk, in New Albany (Ek moes daardie aand vir hulle preek.), hy het gesê: "Ek gaan julle voorstel aan die oorlede [Eng. "late"—Vert.] Mnr. Branham."

So, ek het gesê: "Ek was laat, ["late"], maar ek het nie geweet ek was oorlede ["late."] nie.

3 Wel, ons is bly om in hierdie pragtige stad te wees vanaand; het vir geruime tyd, met groot verwagtinge, daarna uitgesien. Net 'n bietjie moeg. Ons het al die pad van Phoenix af gery, en een dag tuis gebly en toe gekom. Dit was baie uitputtend die laaste paar maande in die dienste, of ten minste—ten minste die laaste ses weke, sou ek sê, omdat ons na Indië toe sou gaan. Veronderstel om hierdie maand in Afrika en Indië te wees, en die—die Here het aan my verskyn en vir my gesê om nie te gaan tot September nie. So ek het hierdie tyd afgekry met . . . Soort van rond te gaan en met my vriende te praat en vir hulle te preek. En so, is ek bly om te deel in die gemeenskap van julle mense hier vir die volgende paar dae in hierdie pragtige stad, om julle pastoor hier te ontmoet, Broer Collett, en natuurlik, reken ek, sal daar nog baie van die predikerbroers wees.

4 En ek het net ingekom vir die koue weer, het ek nie? Van Arizona af hiernatoe gekom, ek het amper gevries toe ek hiernatoe gekom het. My bloed het klaar dun geraak. Tog is ek 'n suidlander om mee te begin, so ek reken ek is net gebore met dun bloed.

5 Maar toe ek die tweede keer gebore is, het ek 'n ander soort Bloed gekry. Dis reg. Dis reg. Toe ek die nuwe geboorte gekry het, het ek 'n nuwe Bloed gekry. En so het Hy die oue weggeneem en die nuwe gegee. So julle weet, julle . . . Wanneer Hy vir jou nuwe gee, maak Hy jou net heeltemal nuut oor, soos om wyn in 'n—'n ou bottel te sit, Hy het gesê dit sou vergaan. So ons moet nuut oorgemaak word.

6 En nou, dis altyd ’n groot voorreg om vir die eerste keer na ’n kerk toe te kom. Maar gewoonlik moet jy soort van mekaar leer ken en al die spoke soort van wegkry, julle weet, sodat ons kan— ons soort van kan begin praat met mekaar.

7 Ek het met ons Broer Collett gepraat toe hy ’n tyd gelede, na my plek toe gekom het, toe ons ingekom het. En ons het die dienste geadverteer as ’n Evangelie-preekdiens. Broer het gesê dat hy sou. . . baie mense ingekom het om voor gebid te word, vir ’n genesingsveldtog of genesings vir die siekes. Ek het vir hom gesê, dat ons die eerste aand liewer dit moes hê, dan, sodat ons dit kan klaarkry aan die begin. En so het hy gesê hulle het ’n paar gebedskaartjies kom uitdeel, en die seun, my seun saam met my, hy het gekom en hy het gesê: “Pappa, hulle het nie meer as net omtrent driehonderd uitgegee nie.” Ek sou. . .

8 Hy moes daardie opneem, glo ek, want dit sou hou tot. . . As ons nog ’n maand hier moes wees, en ons sou hulle nooit deur die ry kry nie, die manier wat ek vir die siekes moet bid. Dis deur visioen. Baie van julle was al in die diens. En dit sou enigiemand anders, wat sou inkom, verhinder. Ons sou verplig wees om eerste vir hulle te sorg. So dit sou. . . Enigiemand anders sou inkom, noodgeval of iets, sou ons kaartjies voor dit hê, dan sou die noodgeval nooit in staat wees om voor gebid te word gedurende die tyd van die diens nie.

9 Die manier wat ons dit doen is, om elke dag kaartjies uit te deel en daardie aand net vir hulle te bid. En die volgende dag, as julle kaartjies nie geroep is nie. . . jou gebedskaartjie nie geroep is nie, kan jy die volgende dag ’n gebedskaartjie kry. Sien? En almal het die gelyke regte, kanse, elke keer, elke dag. So as jy hulle net almal uitdeel op een tyd, dan jy. . . En dan is daar ’n ander ding, die pastore, wanneer hulle hulle uitdeel, die mense dan, as hulle dit nie kry nie, dan dink hulle sleg van die pastoor daaroor. So ons het al soort van ’n lang tyd van ondervinding gehad, met daardie dinge.

10 En nou, vertrou ons dat God ons vanaand sal ontmoet in die oormatige oorvloedige, en ons grootliks sal seën. Nou, omdat dit ’n—’n gebedsdiens vir die siekes gaan wees, sal ons dit soort van op daardie manier aanspreek.

11 Ek dink môre-aand, gaan ons kry, of, ’n aand of twee, gaan ons by ’n groot ouditorium of iewers uitkom, het broer gesê. En hierdie klein kerkdiensies, dis soort van moeilik om by die mense uit te kom. Tog, sal ek liewer ’n diens in ’n kerk hou as enige plek waarvan ek weet. Want in ’n ou-. . . maak nie saak hoe mooi die ouditorium is nie, daar’s altyd wêreldse vermaaklikhede en dinge wat daar aangaan, en dis—dis net. . . Julle kan my soort van klassifiseer as ’n fanatikus wanneer ek hierdie sê, maar dit, absoluut, daar hang bose geeste in daardie plekke. Dis reg. Ek

weet nie of julle dit glo of nie, maar dit is die waarheid. En in kerke, vind jy Christus.

12 So dis—dis altyd die beste om dit te hou, dis net. . . Jy het geeste oral om jou, sien, en dinge, en dis. . . en dan kan jy nie beheer hê oor, of vir die gehoor sorg, soos jy moet wanneer jy meer plek het nie. Almal is ingeprop en ongemaklik, en hulle wonder *dit* en *dat*, en dit ontstel jou net, vreeslik.

13 Maar hoeveel was al ooit tevore in een van my dienste gewees? Laat ons sien julle. . . Wel, ek's glad nie 'n vreemdeling hier nie, is ek? Wel, God seën julle. Ek's baie bly om julle julle hande so te sien opsteek. Dis baie goed.

14 En ek vertrou dat ons nog in baie meer saam sal wees, en dan, daardie grote op die laaste dag. O, goeiste. Wanneer al die gelowiges by daardie groot Bruilofsmaal sit, sal ons oor die tafel na mekaar kyk; sal dit nie 'n wonderlike tyd wees nie? En ek sal julle van een ding verseker: daar sal nie een siek persoon wees om voor te bid nie. Nee, meneer. Ons sal net eenvoudig ons krae laat sak, as't ware, en juig. Ek wil 'n afspraak met julle maak vir 'n duisend jaar, elkeen van julle. Sien? Net 'n paar oomblikkies, julle weet, dit sal maklik wees in die Ewigheid; net om dinge te bespreek waarby ons nie hieronder uitgekom het om te bespreek nie.

15 Die dienste gewoonlik. . . Ek het 'n paar aande gelede met Jack Shuler gepraat. Baie van julle ken hom, hy's 'n broer; hy het groot veldtogte saam met Billy Graham en hulle.

16 En Broer Shuler het gesê toe hy na Fort Wayne toe gegaan het, hy het gesê: "Broer Branham," gesê: "die eerste ding toe ek daar gekom het," gesê: "het die Metodiste mense soort van op jou gespring oor. . . omdat jy 'n genesingsveldtog gehou het." En gesê: "Ek het reguit soontoe gegaan saam met Mnr. Billings en 'n meisie gekry wat vir omtrent vyf jaar in die inrigting vir kranksinniges was." 'n Maniak; sou deur venster spring en alles; welbekend in die stad. En sy is na die diens toe gebring, by haar regte verstand gebring deur die Here Jesus. Gesê: "Ek het haar op die platvorm gebring en gesê: 'Nou, kyk hier, hoeveel ken hierdie meisie?'" Hy het gesê: "'Nou, ek wil hê julle, elkeen, moet julle mond hou oor Goddelike genesing van nou af.' So dit het dit soort van laat ophou," het hy gesê.

"Wel," ek het gesê: "ek probeer hierbuite preek, Broer Shuler."

17 Hy het gesê: "Jy kan dit nie doen nie, Broer Branham." Gesê: "Oral waar jy gaan, verwag hulle van jou, om vir hulle te bid." Gesê: "Baie mense het vir my gesê, gesê: 'Jack, waarom hou jy nie op om soveel te dramatiseer nie?'" Alles wat hy doen, hy. . . dis in 'n drama, julle weet, *Die Verlore Seun Se Terugkeer,* alles. Gesê die kêrel het met hom gepraat. Hy het gesê: "Wel, is jy 'n visserman?"

Hy het gesê: "Ja."

Hy het gesê: "Wat gebruik jy vir vis-aas? T-been biefstukke?"

Hy het gesê: "Wel, nee."

Gesê: "Wat gebruik jy vir vis-aas?"

Hy het gesê: "Wurms."

Gesê: "Jy hou nie van hulle nie, hou jy?"

Hy het gesê: "Nee, maar die vis hou daarvan."

18 Hy het gesê: "Dis wat ek gedink het." Wat die—wat die mense wou hê, dis wat die Here wou hê hy moes doen; en dis wat ons moet doen (Is dit nie reg nie?), net wat die Here ons ook al roep om te doen.

19 Nou, wat bid vir die siekes betref. . .So daar's—daar's 'n paar vreemdelinge met ons, nie vreemdelinge nie; hulle is medeburgers van die Koninkryk. Julle is almal. En ons is almal van een Koninkryk.

20 Nou, ek sal julle net 'n bietjie godsdienstige agtergrond vertel, en dan, 'n ondervinding van hoe, in prediking, waarom ek vir die siekes bid. En ons sal 'n bietjie praat, 'n paar oomblikke, oor die Evangelie, en dan vir die siekes bid vanaand.

21 En ek vertrou dat hierdie paar aande om hier te wees, dat dit 'n baie aangename besoek sal wees, vertrou ek voor God. En ek glo dit sal. En ek weet as daar enigiets is wat julle mense, soos ek nog altyd onder God se mense gesien het, vandat ek onder hulle gekom het, dat hulle altyd probeer om my welkom te laat voel. En—en alles wat gedoen kan word om dit 'n aangename besoek te maak, maak hulle dit altyd. En God se mense, waar hulle ook al om die wêreld is, vind jy hulle dieselfde. En ek weet hulle is niks anders in Ohio nie, omdat ek al vantevore hier was.

22 En nou, soos. . .Wel, as doktrine, ek het nie te veel daarvan nie. Ek—ek ken nie die Boek baie goed nie, maar ek ken die Outeur baie goed, en dis die belangrike ding. Ek—ek—ek probeer om nie doktrine te preek nie. Ek laat hulle. . .dit oor aan hulle wat dit graag doen. Ek het. . .Christus is my Hoof. Die Bybel is my Teksboek. En die wêreld is my kerk. So dis omtrent alles wat ek het, so. . .

23 Ek glo dat Christus gesterf het om sondaars te red, en ek glo Hy. . .Sy dood op Golgota was vir 'n veelvuldige doel. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." En ek glo dat sover dit doktrine aangaan, daarvan, dat baie van julle. . .Ek sou sê vanaand: "Wanneer is jy gered? Wanneer het Christus jou gered?"

24 Jy sou sê: "Verlede jaar." "Verlede week." "Veertig jaar gelede." Maar Hy het dit nooit gedoen nie. Christus het jou negentienhonderd jaar gelede gered. Jy het dit net verlede week en veertig jaar gelede aanvaar. Sien? Die—die prys is alreeds

betaal. Hy het jou gered. En nou, die enigste ding wat jy moes doen, was om dit te aanvaar, is dit reg?

25 Wel, nou kyk. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Jy is veertig jaar gelede genees, of. . .? Nee. Tien jaar gelede? Vanaand? Jy is negentienhonderd jaar gelede genees. Die enigste ding wat jy kan doen vanaand, is om dit te aanvaar. Is dit reg?

26 Nou, sover dit genesing aangaan, is daar nie 'n persoon in die wêreld wat kan genees nie. Daar's net Een in die hele jaar . . . van die eeue of wat ooit was, wat kan genees. Daar's geen dokter wat kan genees nie. Daar's geen dokter wat vir jou kan sê hy kan genees nie. As hy dit doen, is hy omtrent net so 'n kwak as wat 'n prediker is, wat vir jou vertel hy kan genees. Want daar's net . . . Daar's net een Geneser; dis God. "Ek's die Here Wat al jou krankhede genees."

27 'n Dokter sê hy help die natuur, nie genees nie. Hulle kan 'n plek in jou hand sny, en as hulle sou . . . as jy dood sou neerval, en hulle sou al die medisyne in die wêreld neem, sou daardie hand nooit genees nie, want die lewe het uit jou liggaam uitgegaan. Die lewe bou die weefsels. Hulle mag 'n tand trek, maar hulle kan nie die plek genees waar die tand uitgekom het nie. Hulle mag blindederm uitsny, maar wat van die plek waar die blindederm uitgehaal is? Wie genees dit? Hulle mag die arm spalk, maar hulle kan dit nie genees nie. God moet die kalsium en goed produseer om die arm te genees. So genesing is God alleen.

28 Daar is al twee keer by Mayo Broers met my 'n onderhoud gevoer. So hulle het gesê: "Ons sê nie ons is genesers nie, Eerwaarde Branham. Ons sê net dat ons die natuur help. Daar's net een Geneser; dis God." En dis korrek. Geen prediker kan jou genees nie. Nee. Daar's mense wat sê dat hulle gawes van genesing het; gawes van genesing beteken nie dat jy mense genees nie. Dit beteken net jy het geloof in die Woord van God.

29 Prediking, daar was nog nooit 'n prediker wat enigiemand gered het nie. Hy het hulle net gewys na die Een wat hulle wel gered het negentienhonderd jaar gelede. Is dit reg? Wel, geen mens kan jou genees nie; as Jesus hier gestaan het vanaand, met hierdie pak klere aan wat Hy vir my gegee het, kon Hy jou nie genees nie, want Hy sou vir jou sê Hy het dit negentienhonderd jaar gelede alreeds gedoen. Jy sou dit op daardie basis moes aanvaar, is dit reg?

30 Nou, die enigste ding wat 'n prediker kan doen, sou wees om jou te wys na die Een Wat jou wel gered het; of die Geneser, om jou te wys na die Een wat jou alreeds genees het. Nou, deur dit te doen, het God in die kerk geplaas, eers, apostels, en leraars, en profete, en allerhande soort gawes om die liggaam na volmaaktheid te lei. Julle glo dit, nie waar nie?

31 Nou, dis wat ek glo, dat God hierdie in die kerk geplaas het, sommige wat kan preek, soos party van die predikers hier, en ander is groot leraars en geleerdes in die Woord. Sommiges is sieners wat visioene sien. Sommiges is hulle wat met tale praat. Sommiges is hulle wat uitlê. Sommiges is hulle wat groot geloof in genesing het; wat gawe van genesing genoem word, of: "gawes van genesing." Daar is glad nie so-iets soos "die gawe" van genesing nie, want dis in die meervoud, dis "gawes."

32 God werk op baie verskillende maniere om die siekes te genees: partymaal die verkondiging van die Woord, partymaal 'n buurman wat langs jou sit, hy lê net sy hand op jou, voel dat hy dit moet doen. Doen dit altyd. Wat 'n wedergebore kind van God ook al voel om vir die siekes te bid; dis die Heilige Gees wat in jou werk om dit te doen. Maak nie saak wie vir die persoon gaan bid nie, gaan jy in elk geval voort en bid vir hulle.

33 Ons het net onlangs iets gehad, wat in Louisiana gebeur het, paar aande gelede. Dit was 'n—'n groot ouditorium. Die mense. . .Ek sou nie daar wees voor nege-uur nie. En omtrent sewe-uur, het 'n dame 'n gebedskaartjie gekry, sy het 'n babatjie gehad, en—en sy het die babatjie gesus. En 'n ander moedertjie wat daaronder gesit het, en sy het so jammer gevoel vir die moedertjie met die—met die babatjie op haar arm.

En sy het gesê: "Wel, ek. . . "

Iets het net vir haar gesê: "Gaan, bid vir daardie babatjie."

34 "O," het sy gesê: "ek kan dit nie doen nie. Broer Branham sal vir daardie babatjie bid. Hulle het 'n gebedskaartjie." En so die. . .Dit het net aangehou, om haar te druk om vir die babatjie te gaan bid. Sy het gesê: "O, ek—ek. . . "

Na 'n tydjie, het die dame weer verbygekom. Sy het weer die babatjie gesien. Die Heilige Gees het weer gesê: "Gaan, bid vir die babatjie."

35 So die skugter, ou moedertjie, julle weet, het na die dame toe geloop en gesê: "Suster, ek sien jy het 'n gebedskaartjie. Miskien sal Broer Branham vanaand vir jou babatjie bid."

Sy het gesê: "Ons hoop die nommer word geroep, suster."

En sy het gesê: "Sal jy my verskoon as ek iets vir jou sê?"

Gesê: "Sekerlik, suster."

36 Sy het gesê: "Ek's ook 'n Christen." En gesê: "Ek's 'n moeder; en net om my gewete te verlig," sy het gesê: "vir die laaste dertig minute, wat jy daar gestaan het," gesê: "voel ek—ek dat—dat God wou hê ek moet vir die babatjie bid. Sou jy omgee as ek net daarvoor bid voor jy dit opneem?"

37 Sy het gesê: "Wel, sekerlik." En sy het die babatjie uitgelaat. En die moeder het daarvoor gebid, gesê: "Dankie." Teruggeloop, baie skugter, klein suidelike moedertjie, gaan sit. En toe sy

teruggegaan het om te gaan sit, het iemand die sitplek gevat. So sy moes ver in die balkon opgaan.

38 En so, daardie aand op die platvorm, net so, toe die—die... sy was in die gebedsry, toe die gebed geroep is. En toe, toe die dame opgekom het op die platvorm, toe sy naby gekom het...

39 Nou natuurlik, in die gebed vir die siekes, julle almal weet hoe dit gebeur. Ek weet nie wat ek doen nie, dis 'n onbewustelike toestand. En—en deur weer te kyk na die opnames wat gedoen is, is daar vir die dame gesê deur die Heilige Gees, gesê: "Jou—jou babatjie het 'n *sekere-sekere* siekte gehad."

"Ja."

40 Maar gesê: "Daar was 'n—'n vrou vandag met...wat op 'n *sekere* manier aangetrek is, wat vir die babatjie gebid het, en dit is daar genees." En daar was die dametjie, wat daarbo op die balkon gesit het, net geskree. Sien? Nou, God het verordineer dat *daardie* vrou vir daardie babatjie moes bid. Sien julle hoe dit was? So die Heilige Gees...Die Bybel het gesê: "Bely julle foute aan mekaar en bid vir mekaar..." Is dit reg? "...dat julle genees kan word." En dat...

41 Sien, daar's geen individuele persoon wat kan genees nie. En daar's geen—geen persoon wat jou kan red teen jou wil of jou kan genees teen jou wil nie. Dit moet jou gesindheid teenoor Jesus Christus wees, wat jou genesing bepaal.

42 Nou, God het predikers gestuur om die Evangelie te preek. Hy het Sy Woord hierbuite geplaas, maar Hy het predikers geplaas om Dit te preek. Hy het die ander ding geplaas, maar Sy kerk...maar Hy het lidmate in hierdie kerk, of, mense in hierdie kerk wat...God het die kerk in orde geplaas. En as die mense net op die plek sal kom waar God hulle geplaas het, en dan sal die kerk in orde wees. Nou, dis...

43 Ek glo hierdie, dat die...net daardeur, en die...Vandat ek by die Pinkstermense was...En ek verduidelik dit as 'n doktrine. Ek glo dat gawes en roepings sonder bekering is. Sien, daar is glad nie enige manier vir jou om enigiets te doen nie. Ek glo in die uitverkiesing van God, dat God die uitverkiesing doen; God die roepwerk doen. Jy kan nie, deur te dink, een el by jou lengte voeg nie. Sien? Maar wat God ook al bepaal het om te wees, dit sal wees. En jy word geroep deur uitverkiesing.

Ek het mense hoor sê: "O, ek het God dag-en-nag gesoek."

44 Geen mens het op enige tyd na God gesoek nie. God soek na die mens, nie die mens na God nie. Die einste natuur, vanaf die tuin van Eden, God...In plaas van die mens wat deur die tuin gehardloop, en geskree het: "Vader, Vader, waar is U?" was dit God wat geskree het: "Adam, Adam, waar is jy?" Sien? En vandag doen die sondaar dieselfde ding.

45 Wel, ons kan baie tyd daarop spandeer, maar net om julle te wys dat dit die waarheid is. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy die Vader hom eers trek nie." So die mens soek nie na God nie; God soek na die mens. En God roep mense deur uitverkiesing, sien, voorkennis van God. Soos toe, Jesus Christus, toe Hy gebore is, was Hy die Seun van God. Hy kon nie help dat Hy die Seun van God was nie. Hy was voorbestem as die Seun van God. Voor die wêreld begin het, was Hy die Seun van God. En Hy was die vrou se Saad, van die tuin van Eden af, wat die slang se kop sou vermorsel. Hy het niks daarmee te doen gehad nie. Dit was alreeds so beplan.

46 Toe Moses gebore is, was hy 'n besondere kind, nie omdat hy Moses was nie, nie omdat hy iets gedoen het nie, maar omdat God hom gekies het nog voor hy gebore was.

47 Johannes die Doper, sewehonderd-en-twaalf jaar voor hy ooit—ooit in sy moeder se skoot was, het Jesaja hom gesien, en gesê: "Hy's die stem van een wat roep in die woestyn: 'Berei die weg vir die Here en maak Sy paaie gelyk.'"

48 Jeremia 1:4, het God vir Jeremia vertel, gesê: "Voor jy nog verwek was in jou moeder se skoot, voor jy uit haar maag uitgekom het," gesê: "het Ek jou geken, en jou geheilig, en jou as 'n profeet verordineer vir die nasies." Wat het Jeremia daarmee te doen gehad? Niks; God het dit gedoen.

49 So dis God se soewereine genade dat Hy dinge doen. God het 'n Kerk wat gaan verskyn sonder vlek of rimpel. Hy het dit alreeds gesê. Daardie Kerk is voorbestem.

50 Ek vertrou vanaand dat ons elkeen lidmate van daardie Kerk is. En hier's die manier wat ek dink jy 'n lidmaat word: "Deur een Gees word ons almal gedoop in een liggaam," en ons is lidmate van daardie Kerk. Ek glo dit met my hele hart.

51 Nou, Jesus het gesê, hier is Sy Woorde, in Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Is dit reg? Ek sou . . . Dis Sy Woord.

52 Nou: "Hy." Het nie gesê die Metodis nie; Hy, die Baptis. *Hy* is 'n persoonlike voornaamwoord, beteken "die individu." Hy, die Pinkster? Hy, die Volle Evangelie? Nee, net "Hy." Sien? "Hy wat My Woorde hoor en in Hom glo wat My gestuur het, het (teenswoordige tyd) die Ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het (verlede tyd) oorgegaan uit die dood in die Lewe." Glo julle dit? Dis hoe jy gered word, deur te dit te glo en dit op dieselfde manier te aanvaar. "Het die Ewige Lewe, sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

53 Nou, nou, vir 'n persoonlike ondervinding nou, voor ons 'n gedeelte uit die Woord lees en reguit oorgaan na die

genesingsdiens, want ons is net 'n klein bietjie laat. En die volgende tien minute hoop ek om gereed te wees om die gebedsry te begin, as die Here wil.

54 Nou, soos ek dan duidelik gemaak het, die doktrine, dat ek nie glo dat...of bespreek, of stry met mense oor hulle godsdienstige gelowe nie. As hulle enigiets glo, laat hulle dit glo. Dis heeltemal in die haak met my. Solank hulle vir Jesus Christus aanvaar het as hulle Verlosser en wedergebore is deur die Heilige Gees, is dit my broer en suster. Of hulle—of hulle nou Metodis, Baptis, Pinkster, Heiligheid, Eenheid, Tweeheid, Drieheid, Vierheid, Woudreën, Tweede Reën, Middel Reën, Spade Reën, al die Reëns tesame is, maak geen verskil vir my nie. Ek's streng interdenominasioneel, in die geloof dat ons almal broers is. Dis reg. Ons is broers. Ons verskil oor idees, maar ten doel, is ons een in Jesus Christus. Dis reg.

55 En dis hoekom ek probeer om my dienste absoluut, streng, interdenominasioneel te hou. Want dis 'n broederskap. Tree net in die bresse en probeer sê: "Ons is broers." En wanneer die hele vrygekoopte Kerk van God dit sien, in eendragtigheid, sal die Millennium aan wees. Dis reg.

56 Julle is die grootste, julle Volle Evangelie mense, ek dink het...Nou, natuurlik, julle weet ek is grootgemaak en het grootgeword in die Baptiste kerk en was 'n Baptiste prediker. Het nooit weggegaan of enigiets anders nie; ek het net hiernatoe gekom, omdat ek gedink het julle het...julle...Ek weet julle het die dieper Lig van die Bybel. Dis reg. Dis die waarheid. Dit, die Engel van die Here, wat aan my verskyn het, het my na julle toe gestuur. En dis absoluut die waarheid.

57 Nou, ek kom nie as 'n fanatikus nie. Ek glo nie in fanatisme nie. Ek sal dit nie ondersteun nie. En ek weet julle glo nie in fanatisme nie. Julle glo in die waarheid, en waarheid sal altyd namens homself spreek. Dis reg. Jy hoef nooit waarheid te filter nie. Waarheid sal altyd waarheid wees. En so, vertrou ek—ek dat God ons nou sal seën.

58 En nou, godsdienstige agtergrond, ek het niks gehad nie. My mense, voor my, was Katoliek. Ek...My vader en moeder was, albei, Iers. Enigiemand kan daarvoor vergewe word, daar's 'n kans vir almal van ons, is daar nie? Dis reg, om Iers te wees. Ma en Pa was, albei, Iers. My ma is 'n Harvey, my pa, Branham. So ek is gebore in 'n hutjie hierbo in die berge. Ons sal die boeke hê, maar nie om op Sondag te verkoop nie, op 'n ander dag in die week. En die—die verskillende literatuur en dinge sal later kom.

59 Nou vriende, ek kan net getuig vir dit wat die waarheid is. Dit mag 'n bietjie vreemd wees vir party van julle. Maar as ek die waarheid vertel, sal God getuig dat dit die waarheid is. En as Hy dit nie doen nie, dan het ek nie die waarheid vertel nie. Laat God oordeel.

60 En daar is vir my vertel dat, toe ek gebore is, in 'n berghutjie bo in Kentucky, ons nie vensters gehad het soos wat julle in hier julle huise hier het nie, dis net 'n deur wat jy oopstoot, en 'n deurtjie vir 'n venster, geen mat op die vloer nie, nie eers 'n vloer nie, net die grond. En ons het 'n stomp gehad, afgesaag, penne daarin, vir ons—ons tafel, en 'n bankie waarop ons gesit het om te eet, by die tafel, het hulle gesê. My pa en ma was baie arm.

61 Ek is gebore op 'n strooimatrassie met 'n mielieblaarkussing. Ek reken niemand van julle hierbinne het al ooit op 'n strooimatras geslaap nie, of, is daar? Is iemand. . .? Wel, ek sal net my baadjie uittrek en tuis voel nou, as julle weet wat 'n strooi-. . .Hoeveel het al ooit uit 'n kalbas gedrink? Kom ons kyk wat. . .? Sê, die—die platteland het reg in die stad ingetrek, het dit nie? Dis al. Ja, meneer. Wel, dit. . .Julle sal nie enige aandag skenk aan my "hit" en "his nie," en "haal," en "dra," en "wegdra," en al daardie taalfoute wat ek maak nie. So, dis baie goed. Wel, dit laat my nou sommer baie beter voel, goed.

62 Dan was daar nie enige dokter binne veertig myl, of—of, 'n stad nie, waar my pa 'n boswerker was. En daar's 'n vroedvrou, ek's seker julle is bekend met wat dit is, die ou vroedvrou het gekom. En my ma was vyftien jaar oud toe ek gebore is, my pa was agtien: twee kinders.

63 En toe hulle die venster oopgemaak het, ons het 'n ou vetkers gehad, het hulle gesê, om lig te maak. Ek weet nie of julle al ooit 'n blikkie vet gehad het met 'n—'n. . .en 'n dennebol nie. Die ou dennebol deur die nag gebrand om die lig te maak. En toe hulle die venster oopgemaak het, die oggend, om vyfuur in die oggend, toe ek gebore is, was daar 'n Lig (Ons het die foto Daarvan.) wat in die kamer gesirkel het en net gehang het oor die bed waar ek gestaan het.

64 Nou, julle sien hoekom ek moet glo in die voorkennis van God, vir my. Sien? Uit 'n sondige familie, niemand van hulle het eers kerk toe gegaan nie; niemand van hulle het godsdiens bely aan enige van die twee kante nie. Maar God het in Sy genade, deur Sy barmhartigheid. . .

Die bergmense was ontsteld; hulle het nie geweet wat sou gebeur nie.

65 Die eerste ding wat ek kan onthou, amper, ek was omtrent drie jaar oud, toe Hy na my toe gekom het en ek 'n visioen gesien het, Hy het vir my vertel waar ek sou wo-. . .grootword. Op sewe jaar oud, het Dit aan my verskyn, en vir my gesê om nooit te drink, rook, of my liggaam te besoedel nie (ek het nooit.), daar sou 'n werk wees om te doen.

66 Omtrent een-en-twintig, is ek bekeer, het in die Baptiste kerk ingegaan, vir 'n paar jaar gepreek. Visioen sou net aan my verskyn, en vir my dinge vertel wat sou gebeur. Die predikers het vir my gesê dit was die duiwel. Gesê: "Dis die duiwel wat dit

doen. Jy moenie steur . . . ” En gesê: “Jy gaan ’n fortuinverteller wees.” Wel, toe een aand . . . Dit het my doodbang gemaak, broers. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek het die Here Jesus lief met my hele hart. En ek wou nie—ek wou nie deurmekaar raak met iets soos daardie nie. En dit het net aanhou, sou na my toe kom; en alles wat Dit vir my vertel het, was die waarheid, elke keer, net die waarheid.

67 So ek het gesê, een nag was ek . . . Sien, ek het gewerk, was die pastoor van die Baptiste kerk daar, tabernakel. En ek het twaalf jaar gewerk, terwyl ek pastoor was, nooit een pennie geld ontvang nie. Ek vat nie geld nie. Dis nie . . . Ek’s nie hierbo vir geld nie, vriende. Ek’s hierbo om julle te help om die Here lief te hê. Dit geld was, sou ek nie hier gewees het nie. En ek—ek doen dit nie.

68 Ons het pas vir Broer Collett ’n tydjie gelede gesê, ek het gesê: “Wat ons onkostes is, stuur die kollektebordjie om. Moet nooit (Die bestuurder is hier nie, en hulle weet beter as om dit te doen.), moet nooit iets daarby voeg nie.” Wat die Here wil hê ek moet hê, Hy het nog altyd in my behoeftes voorsien. En dis hoe ek lewe. Hy sorg vir my. Ek het niks vanaand nie. Ek het niks of verwag om te hê nie. As ek dit gehad het, sou ek dit iewers anders gee, sodat dit sou gaan—gaan vir die Evangelie. Ek het een doel, dis om die Koninkryk van God op aarde te sien kom in krag (Dis reg.), Jesus Christus te sien terugkeer.

Ek dink ons het klaaglik misluk, vriende, om die Evangelie te neem wat Jesus vir ons gesê het om te preek. Hy het gesê . . . “Wat sal die teken van die einde wees?”

69 Hy het gesê: “Wel, julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë, wat . . . moenie bang wees, al hierdie ander dinge wat gebeur nie.” Maar Hy het gesê wanneer hierdie Evangelie aan die hele wêreld verkondig is, dan sal Hy terugkeer.

70 Hy het ons nooit opdrag gegee om enige kerk te bou nie. Hy het ons nooit opdrag gegee om ’n hospitaal te maak, ’n skool te maak, of ’n kweekskool te hê nie. Hy het ons nooit een keer opdrag gegee om dit te doen nie. Al daardie dinge is goed, maar Hy het ons wel opdrag gegee om die Evangelie aan die hele wêreld te verkondig. En ons het skole, en kweekskole gebou, en teologie onderrig, en een derde van die wêreld is al wat nog van Jesus gehoor het.

71 Maar per slot van sake, om traktaatjies uit te deel, is nie om die Evangelie te verkondig nie. “Die Evangelie het nie in woord alleen gekom nie,” het Paulus gesê: “maar deur die krag en demonstrasie van die Heilige Gees.” Sien, jy gaan . . . Nie net die Woord onderrig nie, maar preek, die Woord manifesteer. Die Woord moet lewendig gemaak word. Dis ’n dooie letter tot Dit gemanifesteer word. En dan word Dit verkwik, en gebeur Dit,

wat God daarvan gesê het. Dis die Evangelie in aksie, die Nuwe Testament Christelikheid.

72 Een aand in gebed, weg, was daar 'n Man wat na my toe aangeloop gekom het oor die vloer. En ek het Hom gesien; hierdie was nie 'n visioen nie. Dit was die Man. Ek het baiekeer sy stem gehoor, hom gesien toe ek by die rivier gedoop het, toe ek destyds as 'n Baptiste prediker georden was. Het my herlewing gehad, vyfhonderd gedoop, my bekeerlinge na 'n twee-weke diens, aan die voet van Springstraat; en net daar het al die plaaslike koerante die artikel daarvan ingehad: *Geheimsinnige Lig Hang Oor Prediker Tydens Doop*. En Dit het gekom, net soos 'n Vuurkolom. En Dit het daar gehang en hulle. . .

73 En toe, het die mense my Daaroor gevra, en hulle het my bang gemaak, en vir my gesê Dit was die duiwel. En een aand terwyl ek in gebed was, baie jare later, net voor ek na die Volle Evangelie mense toe gekom het, het ek gebid: "God, neem die Ding van my af weg." Ek het gesê: "Here, U weet ek het U lief, en ek wil Dit asseblief nie meer hê nie."

74 Ek het heelnag daaroor gaan bid. En ek het Iemand hoor loop. Ek het gekyk, daar het 'n lang Man, groot, lang hare gekom, wat na hierdie kant toe gekom het. Nie, nie gelyk soos die prentjie van Jesus nie. Ek glo, ek sê dit eerbiediglik, ek glo, in visioen, het ek Jesus twee keer gesien. Ek—ek—ek. . . Dit was 'n klein Man, maar dit kyk nie veel na hoe die kunstenaar Hom skilder nie. Maar ek—ek het flou geword toe Hy. . . ek na Hom gekyk het, so ek het. . . dit was. . . Hy het eenkant aan my kant gestaan.

75 Maar nou, in—in die wêreld van visioen, hierdie Man was nie 'n visoen nie. Hy het na my toe geloop. Ek het sy voete gehoor soos hy geloop het. Hy het nadergestap en met my gepraat. En ek het gebewe soos *hierdie*, en hy het gesê: "Moenie bevrees wees nie." En toe hy dit gesê het, was dit dieselfde Stem wat ek gehoor het vandat ek 'n baba was, dieselfde Man. Maar hy was nou 'n Man. Ek het hom gesien in 'n Wolk, in 'n Kolom, in 'n. . . En ek het hom gesien in. . . Ek het hom in 'n warrelwind in 'n bos gehoor, wat met my praat. En maar ek het hom nooit as 'n man gesien nie. Maar hier was hy as 'n man.

76 Hy het gesê: "Ek is gestuur uit die Teenwoordigheid van die Almagtige God om vir jou te vertel dat jou eienaardige lewe en geboorte was sodat jy na die wêreld toe kan gaan en bid vir die siek mense." Gesê: "Jou bediening sal oor die wêreld versprei en sal hierdeur, die Evangelie en die krag bring wat die tweede Koms van Christus sal bring."

77 So toe, toe hy by my staan en praat het, was hy 'n. . . gehad. . . ek het na hom gekyk. En ek het gesê: "Wel, Meneer, ek's ongeleerd, en ek het net 'n laerskool-opleiding. Mense sal. . . "

78 Hy het gesê: "Dat soos Moses twee tekens van bevestiging gegee is van sy bediening, so sal dit vir jou gegee word, twee

tekens. Een sou wees, neem die persoon aan die hand, staan net daar, en jy sal weet wat verkeerd is met hulle. Die volgende was om die einste verborgenhede van hulle harte te ken." En ek het dit bevraagteken. En hy het terugverwys na Jesus van Nasaret, in dieselfde ding. Toe het ek gesê ek sal gaan, en toe het die Lig wat bokant die—die Wese was, hy opgegaan in die Lig, weggegaan.

79 En toe het ek begin, en dit was sedertdien. Toe is die foto geneem, outentiek, baiekeer, deur koerantverslaggewers. Julle sal Dit miskien sien, reg hier by die platvorm, voor die diens verby is. En Dis 'n—Dis 'n Lig.

80 En hier, nie lank gelede nie in Houston, Texas, is Dit afgeneem in 'n debat, waar 'n Baptiste prediker gekom en gesê het dat ek 'n godsdienstige fanatikus was en uit die stad weggejaag behoort te word; hy dit behoort te doen. En ek wou nie met hom stry nie. Maar Mnr. Bosworth, het die uitdaging aanvaar, en daardie aand was duisende mense vergader in die Sam Houston Koliseum, hulle—hulle het dit bespreek. En natuurlik, het hy nooit eers aan die gang gekom nie. Mnr. Bosworth het hom net een vraag gevra; dit het dit afgehandel. Daardie. . . gesê: "Was die Verlossingsname van Jehova van toepassing op Jesus, ja of nee?"

81 As Hy nie Jehova-jireh was nie, was Hy nie die Here se Voorsiende Offer nie, was Hy nie Jesus Christus, die Seun van God nie, so ons is steeds in sonde. En as Hy Jehova-jireh was, is Hy Jehova-rapha ook, want hulle. . . daardie veelvuldige Name is onafskeidbaar, Jesus Christus die Geneser, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; so dit—dit het dit net vir eens, en altyd afgehandel.

82 En toe het hy aanhou sê: "Bring daardie geneser en laat ek hom sien." Nee, ek was nie veronderstel om daar te wees nie, maar ek was bo-op balkon dertig, ek, en vrou, en broer.

83 En die Engel van die Here het gekom, gesê: "Gaan af ondertoe." Vyfhonderd plekaanwysers het hande gevat; ek het afgekom, na die platvorm toe gegaan. Ek het gesê: "Ek wil nie hê julle moet sleg dink van Broer Best nie. Hy het 'n reg om dit te glo, as 'n gelowige," ek het gesê: "as 'n Amerikaanse burger. Hy het nie 'n reg om te—te sê die Bybel leer dit nie, want hy het nou niks om te sê nie." Maar ek het gesê: "Ek getuig net die waarheid. As ek die waarheid praat, sal God getuig van die waarheid." En hier het Hy gekom, reguit afgekom.

84 So hulle—hulle het die *Look*, *Life*, *Times*, *Colliers*, en al daardie tydskrifte daar gehad. En die Douglas Ateljees van Houston, Texas, 'n lid van die Amerikaanse Fotograafvereniging het die foto geneem; een 'n Katoliek en die ander een 'n Jood. Dit ingeneem daardie nag en die foto ontwikkel om te sien of dit absoluut eg was. En die man het 'n hartaanval gehad toe hy daarna gekyk het.

85 Die volgende dag is dit gestuur na Washington, DC, kopiereg gekry, teruggebring, en hulle het vir George laat kom, of, George Lacy, wat die beste in die Verenigde State is. Hy is die hoof van die FBI in vingerafdruk en dokumente, en hy het dit in die Shell Gebou onder observasie gehou vir drie dae en ons almal ingeroep, gesê: "Wie is Eerwaarde Branham?"

Ek het gesê: "Ek is."

86 Hy het gesê: "Eerwaarde Branham, jy sal sterf soos sterflinge, maar . . . " gesê: " . . . solank as wat daar 'n Christenbeskawing is, sal jou foto voortleef." Gesê: "Ek het ook dikwels gesê dit was sielkunde, maar die meganiese oog van hierdie kamera kan nie sielkunde afneem nie. Die Lig het die lens getref. Dit was daar."

87 En so, die foto het nou kopiereg op, hulle . . . Natuurlik, het hulle—hulle dit verkoop en alles. Ek sal dit by hulle kry; dit uitgee, net soos ek dit kry. En een hang in Washington, DC, in die Godsdiens Kunssaal, as die enigste bonatuurlike Wese wat ooit bewys is, dat daar 'n bonatuurlike Wese was, wetenskaplik.

88 En Hy was die Een Wat . . . die visioene sien. Dis nie ek nie; dis Hy. En ons het 'n paar van die foto's gekry, was baie min. Hulle sal hulle hier hê, miskien môre-aand, of wanneer ook al, waar ons ook al gaan, na die ander ouditorium. En die boeke ensovoorts, julle kan die res van die storie lees.

89 En nou, net vir 'n oomblik nou, voor ons die gebedsry roep, wil ek net graag 'n Skrif aanhaal, as julle sal luister, net 'n oomblik. Net sodat dit . . . My woorde sal faal, ek's 'n man; maar Sy Woorde kan nooit faal nie.

90 Kom ons neem dit hieruit. Daar was 'n paar Grieke wat eenkeer vir Jesus kom sien het. En hulle het gesê: "Menere, ons wil Jesus graag sien." Nou, hoeveel Christene hierbinne? Ek wil hê julle moet julle hande opsteek. Net sodat ek kan sien. Wel, dis net omtrent 'n honderd persent, reken ek. Ons stel almal belang om Jesus te ken en te sien, nie waar nie? Dis hoekom ons hier is.

91 Nou, vriende, Hebreërs 13:8 is altyd my tema: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Nou, glo julle dat Jesus opgestaan het uit die dood? Julle glo? Wel, as—as Hy dan . . . Wat Hy hier op aarde was toe . . . dan, is Hy net dieselfde vandag, óf ons lewe in volslae onkunde, óf ons—ons lewe onder valse voorwendsel. Nou, kom ons maak dit reg of verkeerd.

92 Nou, Dr. Reidhead (baie van julle ken hom, julle Baptiste mense hier, hy's die president van die Soedan Sendings, die grootste in die wêreld), het 'n paar maande gelede, na my huis toe gekom. Biskop Pillai, die Aartsbiskop van Indië, is hy hier vanaand? Ek . . . [Iemand sê: "Hy's in Brits-Columbië."—Red.] Hy is. Hy kom af; hy gaan in hierdie diens wees. Dr. Pillai, die Aartsbiskop van Indië, het gekom en die doop van die Heilige Gees ontvang.

93 En hierdie Dr. Reidhead het na my huis toe gekom, en hy het gesê: “Broer Branham, ek is opgelei in al die teologie. Ek het geleer. . .Ek het soveel grade; ek weet nie eers waar hulle almal hoort nie.” Hy het gesê: “Maar waar is Jesus Christus in dit alles? Al ons geleerdheid, en ons vakkundigheid, en dinge, ken ons steeds nie vir Jesus nie.” En hy het gesê: “Ek was so stomgeslaan. ’n Jong Indiër. . . ”

94 Nou vriende, julle sal dit nie hier in—in—in hierdie stad teëkom nie. Julle sal dit nie in Amerika teëkom nie, maar as jy oor die wêreld gaan waar jy die heidene, die toordokters en ander godsdienste ontmoet. Onthou, Christendom is derde in die ry. Die grootste godsdiens in die wêreld is Mohammedaans, tweede is Boeddha, en derde is Christendom. Ons het nagelaat.

En hierdie kêrel, ’n Indiër, opgelei in Amerika, hy het gesê: “Wel. . . ” toe hy met Dr. Reidhead gepraat het, het hy gesê. . .

95 Dr. Reidhead het gesê: “Hoekom verloën jy nie jou ou dooie profeet,” wat Mohammed was, “en aanvaar die opgewekte Here Jesus nie?” soos enige Christen Jesus sou verhef.

96 En so het die Mohammedaan gesê: “Goeie, heer, wat kan jou Here Jesus meer vir my doen as wat my dooie Mohammed kan doen?” Nou kyk, nou, Christene. Dis waarom ek vir julle gevra het of julle Christene is.

“Wel,” het hy gesê: “ons Here Jesus het opgestaan uit die dood.”

Die Mohammedaan het gesê: “Het hy?” Sien?

Gesê: “Wel, ja.”

Hy het gesê: “Waar is jou bewys dan?”

Gesê: “O, Hy lewe in my hart.” Sien?

Hy het gesê: “So lewe Mohammed ook in myne.” Gesê: “Jy sien, ons het sielkunde bestudeer net soos julle het.” Sien?

Hy het gesê: “O, ons het geluk en vreugde.”

Hy het gesê: “Ons het ook.”

Hy het gesê: “Wel, ons. . . ”

97 Gesê: “Julle sê dat jou Jesus opgestaan het uit die dood.” Hy het gesê: “Mohammed het net lewe belowe na die dood,” gesê: “dis wat Jesus belowe het.” En gesê: “Ons glo ons gaan lewe hê na ons doodgaan.” En gesê: “Hulle het altwee Bybels geskryf. Ons lees hulle en glo hulle.” Gesê: “Nou, wat meer kan jou Jesus vir my doen as wat Mohammed vir my gedoen het?” Sien? Hy het gesê: “Jy het gesê jou Jesus het opgestaan uit die dood, en julle het tweeduisend jaar gehad om dit te bewys. En net een derde van die wêreld weet daarvan.” Hy het gesê: “Laat Mohammed opstaan uit die dood, binne vier-en-twintig uur, sal die hele wêreld daarvan weet.” Die man was reg.

98 Nou. Hy het gesê: "Hy sal hê...die hele wêreld sal dit weet wanneer Mohammed opstaan uit die dood." Hy het gesê: "Mohammed, Mohammed het nooit die dinge belowe wat Jesus het nie." Hy het gesê: "Mohammed het ons net lewe na die dood belowe. Maar Jesus het in sy woord gesê, in sy geskrifte," gesê: "Ek het die Testament gelees," gesê: "hy het belowe dat die dinge wat hy gedoen het, sou julle ook doen." Gesê: "Laat ek julle geleerdes dit sien voortbring. Dan sal ons glo Jesus het opgestaan uit die dood, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid."

99 En die man was reg. Presies, hy was reg. "O." Dr. Reidhead het gesê: "Wel, natuurlik, jy weet," gesê: "Markus 16 is...van die 9de vers af, waarna jy verwys," gesê: "is nie net presies geïnspireer nie."

100 Hy het gesê: "Watter soort Bybel het julle? Uh-hum. Deel daarvan geïnspireer en deel daarvan is nie?" Gesê: "Wat van die dinge wat hy gesê het, toe hy gesê het: 'die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, groter, want Ek gaan na My Vader.'" Gesê: "Wat? Was dit geïnspireer? Wat van Markus 11:24 'Wat julle ook al begeer, wanneer julle vra, glo dat julle dit sal ontvang en julle sal dit kry.' Is dit geïnspireer?" En Dr. Reidhead het gesê hy het sy voet in die stof geskop en die onderwerp verander voor 'n Mohammedaan.

101 Hoe swak het die Christendom geword, tot teologie, onderrig, skole, lees, skryf, en rekenkunde. Dis alles goed. Maar broer, dit neem nie die plek van die Heilige Gees in om die kragte van God te manifesteer en die he-...Ja, meneer. Die wêreld is vanaand honger om vir Jesus Christus te sien.

102 Gestaan in Durban, Suid-Afrika, 'n paar maande gelede, toe ek daar gestaan het en Jesus Christus gemanifesteer is: dertigduisend rou heidene het na Jesus toe gekom in een altaar-oproep, dertigduisend bekeerlinge op een slag. Wanneer het hulle daarvan gelees? Maar toe hulle vir Jesus Self sien beweeg het.

103 Nou, laat ons net...As ons vir Jesus wou sien, as Hy opgestaan het uit die dood, dan lewe Hy onder ons vanaand, glo julle dit? Nou, kom ons gaan terug en kyk watter soort Persoon Hy was.

104 Ek verkort my praatjie, want ek weet dit word laat. Maar net sodat julle die idee kry, wanneer ons oorkant in die ander plek kom, sal ons genesingsdienste hê, as die Here wil, en julle sal dan sien wat ek—wat ek bedoel.

105 Kyk, ja, laat ons—laat ons...Dit moet reg of verkeerd wees. Daar's geen middeweg nie, dis óf reg óf dis verkeerd. Hierdie is óf die Woord van God óf dis nie die Woord van God nie. Dis óf geïnspireer óf dis nie geïnspireer nie. Jesus het óf bedoel wat Hy gesê het, óf Hy het nie bedoel wat Hy gesê het nie. En Hy's óf dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, óf Hy's nie dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid nie. Hy's óf Almagtige God,

óf Hy's niks nie. Is dit reg? As Hy Almagtige God is, kan Hy alle dinge doen. As Hy nie alle dinge kan doen nie, is Hy nie Almagtige God nie. Is dit reg? So dis net die hele ding, vriende.

106 En as ek Hom nie kan glo vir elke Woord hierbinne nie, sou ek nie hierbo aan die preek gewees het vanaand nie. Ek was 'n wildbewaarder vir die staat van Indiana toe ek geroep is hierin en ek was lief vir my werk. Maar ek weet dat Jesus Christus opgestaan het uit die dood en in Sy mense lewe vanaand. En Hy's net dieselfde as wat Hy ooit was. Kom ons gaan terug en kry 'n prentjie van Hom.

107 Toe Hy op aarde gekom het. . . As ons sou rondgaan deur die stad hier, vanaand, Columbus, en soek na Hom, watter tipe persoon sou ons na soek, 'n hooggeleerde, opgeleide man? Nee. Ons het nooit. . . ver ek weet, het Hy nooit 'n dag se skoolopleiding in Sy lewe gehad nie, behalwe as Sy ma Hom geleer het. Vreemd? Sou ons soek na 'n man wat sy kraag omgedraai gehad het, en baie, groot mantels, en opgesmuk, anders aangetrek as die ander mense? Nee, meneer. Hy het aangetrek soos 'n gewone man, soos die man op straat.

108 Sou ons soek na 'n man wat wel ter tale was, dat Hy geweet hoe om. . . Sy taalgebruik so volmaak was? Die Bybel is geskryf in die gewone straattaal. Dis hoekom die vertalers so deurmekaar raak daarmee. Een sê: "Die Griekse woord sê *hierdie*." En: "Die Hebreeuse woord sê *hierdie*." En hulle verskil daaroor, want hulle probeer om 'n ander betekenis toe te pas. Dit was geleer in gewone taal soos ek en julle hier gebruik, net 'n gewone taal.

109 Jy sou nie soek na 'n geleerde nie. Wel, watter soort Man was Hy? Was Hy 'n man wat rondgeloop het met 'n yslike groot, breë skouers en 'n mooi sewe-voeter? Die Bybel het gesê daar was geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie. Ja, meneer. Hy. . . was geen voorkoms van Hom dat ons Hom sou begeer nie, waarskynlik 'n baie klein Kêrel. So, Hy het nie gelyk soos enige koning nie, tog was Hy Koning van konings. Uh-huh.

110 Maar let nou, nog iets op, hou Hom dop. Hy was nie. . . Ons sou dan nie soek om 'n man te vind. . . Het Hy aanspraak gemaak om 'n—'n geneser te wees? Nee. Het Hy aanspraak gemaak om wonderwerke te doen? Nee. Hy het gesê: "Dis nie Ek wat dit doen nie; dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke. Uit Myself, kan Ek niks doen nie." So Hy het nie enige eer aanvaar, rondgegaan: "Die Man van die uur," of enigiets nie, het Hy? Hy het glad nie enige eer aanvaar vir enigiets nie. Hy het gesê: "Dis nie Ek wat enigiets doen nie. Ek kan niks uit Myself doen nie. Wat die Vader. . . " Hy het nooit daarop aanspraak gemaak om een persoon te genees nie. En Hy het nooit een persoon genees nie.

111 Ek wil vir julle gee. . . Glo julle Hy was vol genade? Glo julle Hy was liefde en vol medelye? Ek wil julle nou ondervra. Ons

sal daardie neem . . . kom ons neem Johannes 5. Daar was 'n bad met die naam van Betésda, by die skaappoort, waar jy inkom vir die mark, wat vyf pilaargange gehad het. Hierbinne het groot skares siek en kreupel mense gelê: kreupeles, verlamdes, blindes en uitgeteerdes. Is dit Skrif?

112 Nou, as ons nie so haastig was nie, sou ek dit lees. Maar julle—julle is geleerdes en verstaan. Hulle het onder hierdie pilaargange gelê: kreupeles, verlamdes, uitgeteerdes, wat gewag het vir die roering van die water, want 'n Engel het in 'n sekere seisoen afgekom, om die water te roer. Die eerste een wat ingestap het, net een op 'n slag, een elke twee of drie maande; maar die eerste een wat ingestap het na die roering van die water, is genees van watter siekte hy ook al gehad het, is dit reg?

113 Nou, menigtes, dit neem tweeduisend om een menigte te maak. En daar was groot menigtes. As God wil, beplan ek om deur daardie plek te gaan binne die volgende paar maande. Nou let op, hier kom Jesus daar regdeur aangeloop. Hy was Immanuel. God was met Hom. God was in Hom. Hy was vol genade, vol medelye. 'n Vrou het so pas die soom van Sy kleed aangeraak, is genees van 'n bloedkwaal, bloedvloeiing.

114 En nou, hier, let goed op, nou, hou nou net hierdie sodat, wanneer ons in die veldtog ingaan, die groot veldtog hier oorkant, die koliseum of waar dit ook al gaan wees, wanneer ons daar inkom, julle die ander kan vertel.

115 Nou, toe Hy daar deurgegaan het, het Hy verbygegaan . . . Kom ons gee 'n dramatjie hier, miskien sal julle dit beter begryp. Hier's 'n arme ou pappa met artritis, opgetrek, wat skree: "Iemand wees genadig. Iemand wees genadig."

Hier is 'n moeder met 'n water-kop babatjie: "Asseblief, iemand, laat my eerste in die water in."

'n Ou blinde moeder wat rondloop: "Ek is al vir veertig jaar blind; iemand laat my eerste ingaan."

116 So 'n massa mense: kreupel, verlam, blind, uitgeteer, en hier kom Immanuel regdeur hulle geloop. Hoekom het Hy nie medelye gehad nie? As Hy so vol liefde was, waarom het Hy nie medelye met hulle gehad nie? Mense, wat . . .

117 Laat ek dit sê, nie as 'n teregwysing nie. Laat ek dit sê met barmhartige, sagmoedige, Christenliefde. Mense verwar simpatie met liefde: nie Sy simpatie nie, Sy liefde. Dit—dit mag in raaisels praat, maar julle sal na 'n rukkie sien. Sien? Simpatie en liefde is teenstrydig met mekaar. Liefde is een ding, simpatie is 'n ander.

118 Maar Hy het regdeur daardie skare mense geloop, al daardie kreupel, verlamde, blinde, en uitgeteerdes, en nooit 'n woord vir hulle gesê nie. Nou, as Hy vol liefde en medelye was en die siek

mense liefgehad het, waarom het Hy hulle nie genees nie? Omdat Hy nie 'n geneser was nie, Hy het gesê Hy was nie 'n geneser nie.

119 Nou, Hy het na 'n man toe geloop wat op 'n draagbaar gelê het. Dis wat ons dit onder in die Suide noem, 'n—'n bed wat daar gelê het, 'n draagbaar. En hy kon loop; hy het gesê: "Wanneer ek na die water toe kom, stap daar iemand voor my in." Mag miskien prostaatprobleme gehad het of so-iets, of vertraagde diabetes, of. . . Wel, hy het dit al vir agt-en-dertig jaar gehad.

En Hy het gesê: "Wil jy gesond gemaak word?"

Hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie. Wanneer ek kom, stap daar iemand voor my in."

120 Hy het gesê: "Neem op jou bed, en gaan na jou huis toe." Daardie een man genees, en weggestap, en daardie hele menigte mense gelos, is dit die waarheid? En kyk na die lieflike, barmhartige Here Jesus.

121 Nou, as julle sal dophou, deur die Skrif te lees, Jesus het daardie kêrel geken, waar hy was, alles van hom af geweet. Nou, om tyd te bespaar, lees net verderaan, die 19de vers. Die Jode het hierdie man gevang; hulle het Jesus ondervra. Miskien vandag: "Laat ek hom hierdie een sien genees, ek sal dit glo. Laat ek hierdie vrou sien wat solank kreupel was; laat ek haar sien opstaan en loop. Laat ek hierdie blinde man sien, ek sal dit glo."

122 Dis dieselfde ou duiwel wat vir Jesus gesê het: "Verander hierdie klippe in brood en laat ek u sien, en ek sal. . . Laat—laat. . . Doen 'n wonderwerk hier, laat ek daarna kyk." Sien, sien? "Laat ek daarna kyk, en dan sal ek jou glo." Dieselfde duiwel wat vir Jesus gesê het: "Kom af van die. . ." Godsdienstige duiwel ook, sien julle? "Kom van die kruis af; nou, ons sal jou glo." 'n Doek om Sy kop gedraai, gesê: "Jy het gesê jy sien visioene." 'n Doek om Sy kop gedraai, Hom op die kop geslaan met 'n stok, gesê: "Wie het jou geslaan? Profeteer nou, en sê vir ons wie het jou geslaan." Hy doen nie toertjies vir mense nie; het nooit Sy mond oopgemaak nie; net daar gestaan. God het Hom niks gewys nie; Hy het niks gedoen nie.

123 So daarbo, het die Jode vir Hom gesê, gesê, of, Hom daaroor ondervra, die 19de hoofstuk van Johannes, nou. Hierdie man is genees. Wat van die ander menigte? Nou luister, Jesus se Eie Woorde, so maak gou, Jesus het gesê: "Voorwaar, voorwaar. . ." Dis absoluut, absoluut. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks in Homself doen nie, behalwe wat Hy die Vader sien doen." Is dit reg? Johannes 5:19: "Wat Hy die Vader sien doen; dit doen die Seun ook net so; die Vader werk, en Ek werk ook."

124 Dan Jesus se Eie Woorde. . . Ek sal—ek sal—ek sal deur die week, wanneer ons oorkant by die ander plek kom, sal ek vir julle die Skrifte daaroor aanhaal. Regdeur die Ou Testament, het geen mens ooit op enige tyd net vrymoedig uitgestap, sonder 'n

visioen, en enigiets gedoen nie. Want dit was altyd God. Sien? Jesus het gesê: "Die Vader wys My, Ek sien 'n visioen oor wat om te doen, en wat Hy my wys, dit gaan doen Ek. Sien? Ek kan niks uit Myself doen nie."

125 Kyk na die opstanding van Lasarus, toe Hy die huis verlaat het. Hulle het Hom laat weet, Hy het net aangegaan. Hom weer laat weet, Hy het net aangegaan. Toe na soveel dae, dat God Hom in 'n visioen gewys het wat met Lasarus sou gebeur, toe het Hy gesê: "Ons vriend, Lasarus, slaap. Nou, vir julle onthalwe, is Ek bly Ek was nie daar nie. Want julle sou probeer het om My sover te kry om iets daaraan te doen, en Ek kon nie. God het klaar vir My gesê wat om te doen. Maar Ek gaan om hom wakker te maak."

126 En hou Hom dop by die—hou Hom dop by die graf van Lasarus. Hy het gesê: "Vader, Ek dank U dat U My alreeds verhoor het, maar vir hulle wat hier staan, het Ek dit gesê." Sien? Hy het geweet. God het Hom gewys wat gedoen sou word.

127 Nou, in die begin van Sy bediening, sien, het Hy niks gedoen voor eers . . . Hoeveel verstaan dit? Jesus het Self gesê, dat Hy nie enigiets gedoen het tot die Vader Hom eers gewys het nie, is dit reg? En Hy het dit gesien, nou. Nie net 'n openbaring nie, Hy het dit gesien. "Wat die Seun die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Wat Hy . . . "Wat Ek sien." 'n Siener, altyd . . . Hy is die Koning van sieners, die Koning van profete. "Maar wat die Vader vir My wys, dit doen Ek ook. Wat die Vader doen, wys Hy . . . " Hy sal julle groter wys as om hierdie diabeet hier te genees, wat dit ook al was, dat dit julle sal verstom. Sien?

128 Nou in die begin van Sy bediening, kyk na Hom. Hy het hierbuite gestaan . . . Kom ons neem Hom net 'n bietjie langer; ek hou julle lank, maar kyk, nog net 'n bietjie langer, as julle sal.

129 'n Kêrel met die naam van Filippus is bekeer, Lukas die 1ste hoofstuk. En hy gaan en kry vir Natánael. 'n Baie goeie teken van bekering, is dit nie? wanneer hy iemand gaan soek, hom ook gered kry. So hy vind Natánael onder 'n boom.

En hy het gesê: "Kom, kyk vir Wie ek gevind het, Jesus van Nasaret, Seun van Josef."

Hy het gesê: "Kan enigiets goeds uit Nasaret kom?" 'n Baie vroom, godsdienstige man.

Gesê: "Kom, kyk."

130 So kom ons sê dat Jesus, wat in die gebedsry gestaan het, besig om vir die siekes te bid, en hier kom Natánael, aangeloop: "Ek sal kyk Wie hierdie Kêrel is wat soveel weet." Opgeloop na Hom toe soos daardie.

Jesus het na hom gekyk en gesê: "Aanskou, 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie."

Hom soort van geskok: "Hoe het Hy my geken?" Hy het gesê: "Van waar af ken U my, Rabbi?"

Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

131 Weet julle wat sou hulle in Columbus gesê het vanaand? "Verstandstelepatie, 'n heks"; uh-huh, dis wat hulle wel sê. Dis reg. "O, hy's van die duiwel besete. Moenie met daardie persoon lol nie."

132 As Natánael dieselfde ding sou gesê het, sou hy nie vandag onsterflik gewees het onder mense nie. Maar hy het neergeval, gesê: "U is die Seun van God, die Koning van Israel."

133 Kyk na die vrou by die put. Hy het die dissipels weggestuur. Die vrou het uitgekom na die put toe om water te skep. Jesus het na haar gekyk. Nou, kyk na Sy kontak.

Gesê: "Bring vir My water om te drink."

Sy het gesê: "Nie gebruiklik vir die Jode om Samaritane so-iets te vra nie."

Gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink."

134 Gesê: "Wel, die put is diep, en U het niks om mee te skep nie." Die gesprek het gegaan... Wat het Hy gedoen? Haar gees gekontak. Toe het Hy gevind waar haar probleem was.

Hy het gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Gesê: "Dis reg. Jy het vyf."

135 "Wel," het sy gesê: "ek sien dat U 'n Profeet is." En sy het in die stad ingehardloop, baie opgewonde, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my alles vertel het wat ek ooit gedoen het." Wel, Hy het dit nie gedoen nie. Hy het haar net een ding vertel wat sy gedoen het. Sien? Maar as Hy haar een ding kon vertel, kon Hy haar alles vertel.

136 Nou, nou, Hy het nie aanspraak gemaak... Sien, Hy het haar probleem gevind. Nou, as... En toe, toe Hy in die gehoor mense gestaan het, het Hy rondgekyk. Hy het hulle gedagtes onderskei. Jesus was 'n Gedagteleser. O, het dit julle geskok. Hy was. As enigiemand vir my die verskil kan sê... Nie een van hierdie duiwels hier, wat hierbuite sit met 'n ou karavaantjie, wat jou hand lees nie. Dis die duiwel. Net 'n... Alles wat die duiwel het, dit het hy van God nageboots. Weet julle nie dat die twee geeste so naby sou wees in die laaste dae nie? Sekerlik, alles wat die duiwel het, is 'n vervalsing.

137 Kyk na die Urim en Thummim van die Bybel, broers. As 'n profeet geprofeteer het, en dit het nie geflits op die Urim en Thummim nie, was dit nie reg gewees nie. As 'n dromer 'n droom gedroom het wat nie op die Urim en Thummim geflits het nie, was dit verkeerd gewees. En vandag, is God se Urim en Thummim Sy Bybel. En as 'n profeet enigiets sê, of kom en julle iets vertel,

of ’n dromer droom ’n droom wat teenstrydig is met die Woord van God, vergeet daarvan. Dis nie reg nie. Dis God se Urim en Thummim, want daar’s die fondasie, God se Woord. Sien?

138 Maar die heks. . . Nou, die duiwel het gegaan en ’n kristalbal gekry en hy het daarin gekyk; en sê jou halfpad, raai net waarvan jy praat, die helfte van die tyd reg, nie eers die helfte van die tyd, reg nie. Dis die duiwel.

139 Maar Jesus het hulle gedagtes onderskei. Nou, wat is die verskil tussen ’n gedagte onderskei of ’n gedagtes te lees? Kan iemand my die verskil sê? Watter verskil die woord is? Dis dieselfde ding, as ek jou gedagte kan onderskei of jou gedagtes kan lees. Nou, watter een—watter een is dit? Sien?

Jesus. . . Die Bybel het gesê: “Jesus het hulle gedagtes onderskei.” Hy kon sien waaraan hulle dink, soos die Vader Hom sou wys.

140 Daar was ’n vrou; Hy het nooit eers, haar nie gesien terwyl Hy deur die skare gegaan het nie. Sy het, op een of ander manier, het sy kontak met Hom gemaak deur Hom aan te raak. Hy het dit nooit met Sy liggaam gevoel nie. Maar sy het in haar hart gesê: “As ek net Sy kleed kan aanraak. . . ”

141 Hy het gestop. Iets het gebeur. Hy het omgekyk, gesê: “Wie het My aangeraak? Iets het gebeur.” En Hy het soontoe gekyk, Hy het gesê: “Jou geloof het jou gered.” Sien?

142 Nou, daardie Jesus lewe vanaand. Nou, kyk. “Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen.” Is dit reg? “Nog ’n klein tydjie. . . ” Ek sluit af. “Nog ’n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie.” Die wêreld is die ongelowiges. “Tog sal julle My sien. . . ” Nou, vir julle mense wat wil sê wonderwerke is net vir hulle destyds daar, en Hy het net met die dissipels gepraat: “Julle sal My sien (die kerk), want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld.” Daardie dissipels het tweeduisend jaar gelede gesterf. Maar dissipels lewe steeds voort. “Ek (persoonlike voornaamwoord) sal met julle wees, selfs in julle (die Opgewekte Here Jesus), tot aan die einde van die wêreld. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.” Ja, meneer.

143 “Nog ’n klein tydjie, die wêreld sien My nie meer nie. Tog, sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle; en die dinge wat Ek nou doen, sal julle ook doen, selfs meer, want Ek gaan na My Vader.” Is dit reg? Dan as Jesus opgestaan het uit die dood, in Sy kerk lewe, sal Sy Lewe gereproduseer word in die mensdom, wat bewys dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

144 En nou, in hierdie een aand van diens, hoor hierdie. Ek daag hierdie groepie, van Christengelowiges, hier, uit om dit te glo met julle hele hart. En as Jesus Christus na hierdie platvorm toe

sal kom en Sy Lewe sal reproduseer, reg hier in hierdie gehoor vanaand, wil ek julle iets vra.

145 Ek weet julle het gevas, baie van julle, en gebid. Dis hoekom julle. . . daar so 'n wonderlike gees hierbinne is, vanaand. Hoe dit opbou, soos ek dit kan voel beweeg.

146 Nou, ek. . . Soos ek vir julle gesê het, ek's nie 'n fanatikus nie. Ek vertel die waarheid. 'n Eerbare man sal die waarheid vertel. En vriende, ek het omtrent tienmiljoen mense waarmee ek in kontak is om die wêreld, was al om die wêreld. Ek moet kyk wat ek sê. En ek sal nie skande oor Jesus Christus bring vir niks nie. Ek vertel die waarheid, en God getuig dat dit die waarheid is. As ek vir julle iets vertel, het julle 'n reg om my te wantrou; maar wanneer God getuig dat dit die waarheid is, behoort julle God nie te wantrou nie, is dit reg? Julle behoort nie. So, die Here seën julle.

147 Ek wil hê julle moet nou vanaand, vir elke persoon in die gehoor, moenie rondbeweeg nie. Wees eerbiedig. Julle is in die kerk, en sit net. Ek is jammer ek breek 'n boodskap op soos hierdie, maar ek moes dit net soort van indruk, om hierdie aand van genesingsdiens te hou.

148 Nou, gaan ons begin bid vir die siekes. En ek vertrou dat Jesus Christus, die Seun van God, vanaand sal kom, en hierdie dinge waarvan ek gepraat het, sal laat gebeur. "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, want Ek sal kom en met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." En mag God gee vanaand, voor hierdie Columbus gehoor, dat Jesus Christus, die Persoon van Sy Wese, in hierdie groep mense sal inkom vanaand, en sal manifesteer, en seker sal maak aan elke gelowige dat Hy opgestaan het uit die dood, Hy is nie dood nie. Hy's lewendig. Hy's onder ons vanaand en sal Homself manifesteer. God seën julle, terwyl ons ons hoofde buig.

149 Ons dierbare Hemelse Vader, ons wil U dank uit die diepte van ons harte vir U liefdevolle barmhartigheid om ooit vir Jesus na ons toe te stuur. En O God, om te dink dat ons arme, vervreemde mense, eenmaal afgesny sonder genade, Heidene (Tweeduisend jaar gelede, het ons Anglo-Sakse mense rondgeloop met 'n knuppel op ons skouers, heidene, wat afgode aanbid het, vier-voetige diere en voëls.), op die bepaalde tyd, het Jesus gesterf, die Onskuldige vir die skuldiges, en ons terugverlos na God toe.

150 En nou, vanaand, is ons so na aan Hom, dat ons, selfs, Sy seuns en dogters genoem word. "Dit is nog nie duidelik wat ons aan die einde sal wees nie, maar ons weet, ons sal 'n liggaam soos Syne hê, want ons gaan Hom sien soos Hy is."

151 Nou, ek vra U vanaand, barmhartige Hemelse Vader, om hierdie paar gebroke woorde te neem, na ek hier gestaan het, uitgeput, moeg, ensovoorts. Nie verwag het om hierdie soort

diens vanaand hier te hê nie. Maar ek bid, God, dat U die teenkanting sal oorwin en sal kom en U nuttelose, onwaardige dienskneg sal salf, dat U dierbare mense hier, die gekooptes van U Bloed, verseker kan weet, dat U dierbare Seun, Jesus Christus, opgestaan het uit die dood en onder ons lewe in die vorm van die Heilige Gees. Skenk dit, Here, want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

(Ek skuif hierdie net. . .)

152 Ek weet skaars net hoe om te begin om 'n diens hier aan die gang te kry. (Waarin is Billy Paul? O, ja.) Watter gebedskaartjies het jy uitgedeel? Waarrond? Goed, hulle het 'n paar gebedskaartjie hieronder uitgedeel, 'n rukkie gelede, net omtrent 'n honderd van hulle of so-iets. Dis 'n kaartjie net omtrent soos *hierdie* hier. Dit het my foto op een kant, en—en—en agterop het dit 'n nommer. En dis. . . Dit sal P's daarop wees, en as ons. . . wanneer ons in die ander plek kom, wel, sal ons hulle elke dag vir julle uitdeel.

153 Maar jy het nie die gebedskaartjie nodig om genees te word nie. Jy het net, uh-huh, enigste ding wat jy nodig het, is om net te glo wat ek vir jou gesê het, dat dit die waarheid is. So, sien? Nou, ek het gepreek, en ek bid dat God nou sal kom en preek. Laat Hy dit doen. Is die orreliste. . .? Goed, suster.

154 Nou, ek wil nou dit vra, so as die Heilige Gees kom en die opgewekte Here Jesus reproduseer, net soos Hy toe was, sal elkeen van julle hier, vanaand, dankbaar wees teenoor God en God dank daarvoor? God seën julle.

155 Nou, aan die siekes en beproefdes, mag God met julle wees, waar julle ook al is. Wel, ek sien niemand wat lyk asof hulle kreupel of siek is nie, maar julle sal beslis, hierbinne wees. Nou, wil ek vir julle sê, dat dit waarskynlik sal wees in. . . dis 'n half-bewustelike. Nog een woord, sodat ek dit na aan julle kan kry.

156 Hoeveel hierbinne het al ooit 'n droom gedroom? Laat ons julle hande sien. Daar's die helfte van die mense of meer. Wel, dis omtrent reg. Omtrent een derde van die mense droom nooit 'n droom nie. Wel, wat as ek vir jou gevra het om vir my 'n droom te droom. Jy kan dit nie doen nie. Daar's geen manier vir jou om dit te doen nie.

157 Kyk, laat ek vir julle wys. *Hier* is die eerste be-. . . Wat doen jy wanneer jy droom? Dis 'n onderbewuste. Hoor julle dit ooit? Nou, kyk. *Hier* is 'n man in sy eerste bewussyn. *Hier* is die man in sy tweede bewussyn, sy onderbewuste. Nou, wanneer *hierdie* een onaktief is, word *hierdie* een aktief.

158 Jy droom drome. Baie van julle droom. Jy het jare terug droom gedroom; jy onthou hulle nogsteeds vanaand wat jy gedroom het jaar. . . Is dit reg? Wel, watter deel van jou was waar? As jy dit steeds onthou, wanneer jy *hier* terugkom, onthou jy waarvan jy gedroom het. En wanneer jy droom,

droom jy van dinge wat jy *hierbuite* gedoen het. Dis daardie dubbele bewussyn. Dis hoekom mense sê: "O, ek het geloof Broer Branham." Dis hierdie eerste bewussyn. Laat dit afgaan *hierin* eenkeer en kyk wat gebeur, wanneer hulle altwee begin saamstem. Sien?

159 Goed, maar dis net *hierbo*, 'n kennisgeloof. Maar wanneer dit *hier* afkom, word dit 'n werklikheid, wanneer hulle albei saamstem met wat *daarbo* is. Sien? Dan stem hulle al drie saam. Maar nou, wanneer hie-. . . Daar's party mense wat nie 'n droom droom nie, julle hierbinne wat nie droom nie. Julle is baie diep slapers, nie waar nie? Julle onderbewuste sal daaragter teen die muur wees. Julle kom nooit daarby uit nie.

160 Maar hierdie man wat droom, hy kan nie help om te droom nie. En God werk partymaal in drome as daar 'n uitlêer is. Dis nie te akkuraat tensy daar 'n uitlêer is nie. Daar was met Josef ensovoorts, en Koning Nebukadnesar, op baie plekke, die Bybel.

161 Maar nou, kyk. Hierdie man kan nie help dat hy nie droom nie. Hierdie man kan nie help dat hy nie droom nie. Dis die manier wat God julle gemaak het. Is dit reg? Maar 'n siener of 'n profeet soos ons sou. . . *profeet* is 'n "prediker," of 'n siener, sy onderbewuste is nie *daaragter* nie, dis ook nie *hier* nie; dis net *hier*. Hulle is albei bymekaar. Daardie man slaap baie diep. 'n Dromer slaap nie baie diep nie, en 'n siener raak glad nie aan die slaap nie, net een teenoor die ander. God spreek daardeur. Sien wat ek bedoel?

162 Nou, jy kan nie jouself dit laat doen nie. En dit maak jou nie meer as enigiemand anders nie. Een is 'n Christen; *hierdie*, 'n Christen; *hierdie* is Christen. Hulle is elkeen seuns van God. Sien? Maar dis net die manier wat God ons geplaas het om daardie dinge te doen. Nou, die Here seën julle.

163 Wat het jy gesê was dit? Honderd, honderd? Goed, laat. . . Ons kan net nie te veel op 'n slag roep nie. Ons sal hulle net 'n paar op 'n slag moet roep. Kyk nou na jou gebedskaartjie. En kom ons begin. . . kom ons roep vanaf. . . begin by 50 net nou, om mee te begin. Wie het gebedskaartjie P, vyftig? Steek jou hand op. P, vyftig; kyk op jou gebedskaartjie. Goed, is hy hier? Miskien uitgegaan. P, een-en-vyftig, wie het een-en-vyftig? Een-en-vyftig? Jy, dame? Kom net hiernatoe. P, twee-en-vyftig, wie het twee-en-vyftig? Gaan jy reguit. . . staan jy daar agter haar, as jy sal. Wie het P, drie-en-vyftig? Hou jou hand op, P, drie-en-vyftig? Daar. Vier-en-vyftig, wie het vier-en-vyftig, gebedskaartjie vier-en-vyftig? Net hier, goed, dame. Vyf-en-vyftig, wie het vyf-en-vyftig? P, vyf-en-vyftig, net hier, meneer? Goed, ses-en-vyftig? Goed, dame. Sewe-en-vyftig, sewe-en-vyft- . . .? [Leë kol op band—Red.]

164 . . . Vreemdelinge vir mekaar. Ons ken nie mekaar nie, goed. En ek en nie 'n persoon in hierdie gebou vanaand behalwe my

seun en die Eerwaarde Collett nie, is die enigste persone wat ek ken en sien. Maar weet julle dat Jesus Christus elkeen van julle ken?

165 Hoeveel van julle daarbuite nou, wat nie gebedskaartjie het nie, nie die gebedskaartjie het nie, tog sê jy: "Here, ek wil hê U moet my genees vanaand"? Ek wil hê jy moet jou hand opsteek. Dis wonderlik. Dis net oral, so jy kan skaars sien wat is wat. Ek sal hierdie doen. Hierdie mense wat hier staan met gebedskaartjies; bid julle daarbuite met julle hele hart. En sê: "Ek glo, Here, dat U my gaan genees." En kyk hoe dieselfde Here Jesus wat kon weet dat die vrou die soom van Sy kleed aangeraak het, kyk hoe Hy omdraai en met jou praat. Sien? Glo jy Hy is dieselfde? Wel, as jou geloof Hom dan kan aanraak soos haar vinger Hom aangeraak het, sal Hy nie op dieselfde manier omdraai nie? Hy het omgedraai in die Persoon van 'n mens. Maar Hy's steeds . . . Dit sou die Here Jesus wees. Ek ken julle nie, julle weet dit. Maar Hy ken julle wel, ken Hy nie? Sien.

166 Goed, as die orreliste sal, kan jy daardie *Bly By My* speel, suster? Het jy dit daarin, as jy sal?

167 Nou, ek wil almal eerbiedig hê. Nou, onthou in enige plek in die gebou . . . So ek moet hierdie sê (Dis die wet in die meeste van die state, want daar het 'n paar verskriklike goed gebeur.): As daar 'n kritikus of 'n ongelowige teenwoordig is, ek sal nie verantwoordelik wees vir wat gebeur nie. Julle moet nou die gebou verlaat, sien, 'n kritikus of 'n ongelowige, want wees verseker dat ek nie verantwoordelik is nie; ons speel nie kerk nie.

168 In der waarheid, gaan onrein geeste, epilepsie, duiwels uit, en hulle gaan na ander toe. Ek's verantwoordelik vir 'n Christen, want hy is 'n gelowige. Maar 'n ongelowige, julle weet, baie van julle . . . Hoeveel was al in my diens, julle daardie dinge sien gebeur het? Wanneer, ek gesien het, selfs, stoele wat opgekom het wanneer duiwels daarteen was, en soveel as twintig of dertig sou val op een slag met epilepsie, met skuim om hulle mond, op die vloer.

169 So jy moet versigtig wees. So volgens die staatswet, moet ek daardie aankondiging maak: ek's nie verantwoordelik vir kritici of ongelowiges nie. So as jy hier is, as 'n Christenbroer, vra ek jou om nie nou in die gebou te bly nie.

170 Nou, nou, terwyl hierdie pragtige lied nou sag gespeel word, nou, kan ons almal net stil begin bid. Nou, elke paar oomblikke, laat iemand my weet . . . Nou, dit gaan baie moeilik wees, want kyk. Op die platvorm, julle wat al voorheen in my dienste was, julle weet dat alles skoon is rondom, is dit reg? Maar daar sit waarskynlik siek mense hier, en oral rondom soos *hierdie*. En hier's gees wat oral beweeg. Sien? En God help my om te weet wat is . . . om dit reg te kry. Sien? Want dis van altwee kante af.

171 Gewoonlik sal ek nie . . . Niemand is op die platvorm behalwe my bestuurder nie, Mnr. Baxter, is die enigste een wat na die platvorm toe kom. Maar nou, ons kan dit nie in hierdie kerk doen nie. En aan julle mense . . . Nou, as die Here Jesus Sy lewe hier sal reproduseer, hoeveel van julle gaan Hom as Geneser aanvaar? Laat ons julle hande sien. "Ek sal—ek sal Hom as Geneser aanvaar." As Hy net hier sal doen wat Hy gesê het Hy sal doen, sal julle Hom glo? Goed, die Here seën.

172 Goed, laat ons sien. Waar is die—die mense wat siek is? Hulle is net hier. Goed hier, is hierdie dame? Goed, nou, elkeen net so eerbiedig as wat julle kan wees. Staan net reg hier, as jy sal. Goed, nou, almal asseblief, sien, as die Heilige Gees my salf, na 'n paar pasiënte, ek—sal ek—sal ek bewusteloos raak, julle sien. Dis 'n . . . Jy—jy gaan in 'n ander bewussyn, 'n ander dimensie in, as jy dit so wil noem. En Dit sien wat was en wat sal wees. Sien?

173 En ek wil hê julle moet eerbiedig wees en die Here Jesus, wat ek aan julle voorstel, julle Verlosser, respekteer. En aan julle Christene hier, ek's seker julle verstaan wat ek probeer doen, en oral rondom my, is om Jesus Christus te verteenwoordig aan hierdie gehoor.

Nou, moenie rondbeweeg nie. Wees net eerbiedig. En nou, dankie, baie dankie, suster.

174 Nou, die dame hier, natuurlik, ek wil, net 'n paar oomblikke, met haar praat. Net . . . Ek wil net hê jy moet my antwoord, net soos ons Here by die put gestaan en geantwoord het die—die . . . die vrou geroep het. Dis . . . Wat ek dink Hy toe gedoen het, was dat Hy haar gees gekontak het. Sien?

175 Ek—ek is 'n man. Jy's 'n vrou. Ons is waarskynlik grootgemaak, jare uitmekaar gebore, en myle uitmekaar grootgemaak, en miskien is hierdie ons eerste keer wat ons in die lewe ontmoet. Is dit reg? Eerste keer wat ons ooit in die lewe ontmoet. Ek weet niks van jou af nie, het jou nog nooit gesien nie, weet niks van jou af nie. God weet dis die waarheid. Maar ek het jou nog nooit gesien nie, weet niks van jou af nie.

176 Maar Jesus, Wat ons Verlosser is, Hy ken my en jou albei. Nou, as jy Sy dogter is en behoeftig is, ek's Sy seun en gestuur om iets te doen soos die Evangelie verkondig of . . . wat ek nie veel van 'n prediker is nie, maar Hy het vir my 'n—'n—'n gawe gegee, 'n krag om dinge vooruit te sien, en om dinge te sien wat was en sal wees. En—en as Hy vir jou sê wat was, en jy weet dis die waarheid. Iets in die verlede, miskien toe jy nog 'n kind was, en jou lewe. Wel, as Hy jou *dit* vertel, dan as Hy jou vertel wat gaan wees . . . as *dit* reg was, sal die *ander* ook reg wees, sal dit nie? Dis reg. Dit sou moes wees.

Nou natuurlik weet jy ek doen iets. Dis net eenvoudig om jou gees te kontak. Jy's bewus dat iets aangaan. Dis . . .

177 Ek kan julle net nou sê, Christenvriende, dat dit 'n stryd hier gaan wees vanaand, want ek kan . . . net soos dit inbeweeg, kan jy dit oral voel, rondtrek. Julle het 'n wonderlike geloof, maar dis net te—te opgebondel om my, julle sien. As julle hierdie selfde geloof behou vir die res van die week, ons in die ouditorium ingaan, sal julle groot dinge gedoen sien word, soos wat daar nog nooit tevore gedoen sien word is nie. As julle net daardie geloof sal behou. Hy's nou naby.

178 Hoeveel het die foto Daarvan gesien op daardie . . . het Sy foto gesien, van daardie Vuurkolom? Laat ons julle hande sien. Goed, julle het dit gesien. God in die Hemel weet dat daardie selfde Wese nie twee voet is van waar ek nou staan nie. Dis waar. Nou, Hy's hier. Nou in die Naam van Jesus Christus die Seun van God, neem ek elke gees in hierdie gebou onder my beheer, tot die eer van God.

179 Nou kyk net 'n oomblik hiernatoe. Sê net: "Kyk na my." Net soos die apostels deur die poort gegaan en gesê het: "Kyk na my." Dis net, julle weet, vir Petrus en Johannes, of—of, Elisa vir Jósafat gesê het: "As dit nie was dat ek vir Jósafat so gerespekteer het nie, sou ek nie eers na jou gekyk het nie." Of, hy het dit gesê, met ander woorde, dis iets wat jy . . . Dis 'n kontak wat lê, 'n geheim tussen God en die gelowige, julle sien.

180 Nou, as Jesus Christus my sal laat weet wat jou probleem is of enigiets in daardie lyn van die bonatuurlike, sal jy Hom aanvaar as jou Geneser? As dit is wat jy nodig het, jy sien. Ek weet nie. Dit mag finansieel wees, dit mag huislik wees. God alleen weet, ek weet nie. Maar Hy sal my dit laat weet. Sien, as ek kon gen- . . . enigiets vir jou kon doen, en dit kon doen, sou ek 'n wreedaard wees, as ek dit nie gedoen het nie. Maar ek kan dit nie doen, behalwe net 'n Goddelike gawe nie.

181 Maar ek sien die dame wegbeweeg van my af. Ek sien 'n hospitaal. Dis 'n . . . Dis in 'n—'n kamer, dit—dit was 'n operasie. Daar's 'n operasie, en daardie operasie was 'n—'n sekere soort gewas. En hulle het—hulle het een of ander soort behandeling gebruik soos 'n . . . Dis 'n—dis 'n radium, 'n radiumbehandeling. Hulle . . . En dit laat jou nou ly aan iets verkeerd met die niere, 'n nierprobleem. As dit . . . daardie dinge die waarheid? As dit die waarheid is, sal jy jou hand opsteek dat dit die waarheid is? Nou, dit wat jy gehoor het, dit was nie ek nie. Dit was my stem, maar dis Hy wat met jou praat. Sien wat ek bedoel? Nou, gehoor, sien julle wat ek bedoel? Nou, Hy's hier. Hy's hier om die hele groep nou te genees. Sien?

182 Ek wil vir jou bid. Barmhartige, liefdevolle, Hemelse Vader, laat U genade op ons suster wees, en mag sy gaan, en wat haar behoefte ook al is, mag dit toegestaan word. U het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." En terwyl U salige gesalfde

Gees op U nuttelose dienskneg is, bestraf ek die siekte van haar liggaam, en stuur haar huis toe om gesond te word, in Jesus Christus se Naam. Amen.

God seën jou, suster. Gaan gelukkig, blymoedig, in geloof met jou hele hart. Hmm.

183 Goed, bring julle. . . of julle. . . hierdie. . . o, hierdie man? Aangename kennis, meneer? Miskien is ons dalk vreemdelinge vir mekaar. [Die broer sê: "Ek het jou gesien by Connersville."—Red.] Jy het my gesien by Connersville. Maar ek bedoel om mekaar te ontmoet om. . . goed. Nou, as vreemdelinge vir mekaar, wel dan, ek onderskei, nou, dat jy 'n Christen is, want jou gees voel welkom. Sien? Ek weet dis 'n Christengees in jou. En God weet alles van jou af. Is dit nie reg nie? Glo jy met jou hele hart? Hê net geloof; moenie twyfel nie.

Nou, elkeen van julle daarbuite, iemand het toe kontak gemaak. Dit het my verlaat.

184 Glo jy God sal jou genees van daardie breuk, daardie maagbreuk? Glo jy dit? Staan dan op jou voete. Sê: "Ek aanvaar nou my genesing, in die Naam van die Here Jesus." God seën jou.

Hê geloof. Dieselfde opgewekte Here Jesus lewe vanaand.

185 Ek veronderstel dat ons wat vreemdelinge is, maar jy's bewus dat iets aangaan. Ek. . . dit. . . dis Sy Teenwoordigheid. Glo jy dat ek Sy diensknec is? Jy—jy het. . . Jou probleem is in jou—jou ore. En dan is jy. . . Wat die belangrikste ding is, jy's senuweeagtig, baie senuweeagtig, ontsteld. En jy's. . . Dis jou geaardheid. Jy's omtrent al jou hele lewe lank so, van geaardheid.

186 Maar jy het na my toe gekom vir 'n ander doel. Jy het na my toe gekom, dat ek hande op jou kon lê vir geestelike dinge, is dit nie reg nie? Ek lees nie jou gedagtes nie. Maar jy kan nie nou jou lewe wegsteek nie. Jy's in Sy Teenwoordigheid. Dis reg. Ek hoor iemand. . . Is jou naam Don, en jou van Allen? Is dit nie reg nie? Jy's nie van hierdie stad nie. Jy's van Hamilton. Is dit reg? En is jou huisnommer 1111? Is dit nie reg nie? Gaan terug. Jy gaan ontvang waarvoor jy gevra het, in die Naam van Jesus Christus.

187 Goed. Almal moet nou geloof hê; glo met julle hele hart. Nou, julle het geen reg om God te betwyfel nie. Maar as ek die waarheid praat, getuig God dat ek die waarheid praat. Sien? Dis wat Hy doen.

188 Goed, dame. Ons is v-. . . Nou, wees almal net eerbiedig. Ek's nie buit-. . . Ek—ek—ek weet waar ek is. Dis die. . . Natuurlik, maak dit jou swak. Die profeet Daniël het 'n visioen gesien en was verontrus in sy kop vir baie dae. Sien, dis. . .

189 Ons is vreemdelinge, veronderstel ek, is ons nie, dame? Ons ken nie mekaar nie. Maar God ken ons albei, is dit nie reg nie? Glo jy dat ek Sy siener is, of, Sy diensknec? Glo jy dat ek God se diensknec is? Glo jy dat ek Sy diensknec is? [Die dame sê:

"Ja, beslis. Ja, ek glo so. Ek het jou nog nooit vantevore gehoor nie."—Red.] Wel, dan. . . nooit. . . net vanaand. Wel, God seën jou. Ek sien dit donker word rondom. . . Nee, dis 'n—dis 'n operasie. Jy het 'n—'n—'n vergroeisel in jou nek. En daardie operasie is bespreek vir môre, is dit nie reg nie?

190 O God, mag U genade na ons suster toe kom, en mag sy herstel, en weer gesond en normaal gemaak word tot die eer van God. Ons vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

Gaan blymoedig en dank God nou. Soos jy glo, mag dit so wees vir jou. God seën jou.

191 Wil jy oor daardie galblaasprobleem kom, en gesond gemaak word? Glo God sal dit doen? As jy dit sal glo met jou hele hart, kan jy kry waarvoor jy gevra het. Aanvaar dit net, as jy dit glo.

192 Glo jy? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Maar God weet alles van jou af, weet Hy nie? En Hy ken my. Jy is bewus daarvan dat iets aangaan, is jy nie, dame? Nou, net sodat jy die gehoor kan laat weet, is 'n baie vreemde gevoel daarrond waar jy is. Dis daardie Vuur wat—wat ek hoop die gehoor dit sien, julle sien. Maar dis wat jy voel. Sien? Dis—Dis daar. Sien? Dit maak kontak met jou.

193 Ek sien een of ander soort kamer. Dis 'n witteri-. . . Dis 'n. . . Ek. . . O, daar is op jou geopereer. Jou operasie. . . En hulle het iets gedoen, dit het 'n—'n ingewandsprobleem veroorsaak, het dit nie? Hulle het 'n fout daar gemaak, maar God is hier om dit reg te maak. Glo jy dit?

Here Jesus, ek. . .

194 Satan, jy het gedink jy kan wegkruip vir die dokter, maar jy kan nie vir God wegkruip nie. Kom uit die vrou uit. In die Naam van Jesus Christus, vra ek, dat jy weggaan. Amen.

Gaan, my suster, mag God met jou wees en jou seën.

Hê geloof. Glo. Jesus het gesê: "As jy kan glo, is alle dinge moontlik."

195 Kry hoofpyne, nie waar nie? net aanhoudende hoofpyne? Jy het daar gesit en bid dat ek sal omdraai, met jou praat. Ek lees nie jou gedagtes nie, maar dis reg. En voor jy by die huis weg is, het jy dieselfde ding gebid, is dit nie reg nie? Nou, wil ek hê jy, wat daar staan, met die rooi jas aan, moet opstaan. Dis skeelhoofpyne, dit het jou nou verlaat; jy kan huis toe gaan en gesond gemaak word, in Jesus Christus se Naam.

196 Aangename kennis? Nou, wees eerbiedig. Hê geloof. Moenie twyfel nie. Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar? En dat God ons albei ken. Ek—ek ken jou nie, en. . . maar God wel. Ons is net twee mans wat hier op aarde ontmoet het, en ons paaie het net op hierdie manier gekruis. Maar Hy weet alles van ons af. En Hy kan alles voorsien wat ons nodig het, as ons net sal glo in Sy Seun, Christus Jesus, en dit aanvaar. Is dit reg? Ja, jy's 'n

Christen. Ek wou net sien watter soort gees jy het. Dis presies . . . Partymaal probeer Satan iets oorplaas op jou, die toets is in die gees.

197 Goed, jy's, jy glo? Nou jy . . . Ek sien jy . . . Jy's—jy het iets . . . Jy's . . . bly regop sit in 'n bed; bly net sit . . . O, dis dat jy nie kan slaap nie. Jy het . . . jy's senuweeagtig. Is dit reg? Senuweetoestand, jy—jy kan net nie slaap in die nag nie. En dis 'n . . . Jy's—jy's nie van hier nie. Ek sien jou deur een of ander plek kom waar hulle jou ondersoek of iets, dis 'n . . . o, dis 'n immigrasie. Jy's van Kanada; Windsor, Ontario. Is dit reg? En jy's 'n evangelis, 'n prediker. Is dit nie reg nie? En jou voorletter is J. W. en jou naam is Price, [Die broer sê: "Reed."—Red.] Reed. J. W. Reed. Ek sien dit op daardie posbusnaam daar waar jy . . . sien jou jou pos uithaal. Sien? Wel, jy gaan nou huis toe om gesond te word. Kom hier.

198 Liefdevolle, Hemelse Vader, die vyand het hierdie oordeel oor hierdie man gebring, ek vra dat dit hom sal verlaat. So, Satan, laat hom gaan, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

199 God seën jou, broer. Gaan nou terug van waar ook al jy kom, blymoedig en word gesond gemaak, want God is nou met jou en Hy gaan jou gesond maak.

Kom ons sê: "Dankie God."

200 Glo jy? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy moet nou glo, suster, want jy besef jou toestand. Jy het kanker, en jy gaan nie lank lewe, tensy God jou aanraak nie, is dit nie reg nie? Kom hier, my suster.

201 Barmhartige Hemelse Vader, laat U genade betuig word aan die vrou. Mag sy vanaand normaal en gesond van hier af gaan. Ek bestraf hierdie vyand, saam met hierdie kerk en hierdie gelowige mense. In die Naam van Jesus Christus, mag dit haar verlaat. Amen.

202 God seën jou, suster. Gaan nou gelukkig, blymoedig, en dank God. Glo nou net dis—dis weg van jou af; maar wanneer dit uitgaan, sal dit weer terugkom. As jy net—net sê: "Dankie, Here." Hou net aan juig. Dan kan dit nie terugkom nie, jy sien, jy—jy prys God.

203 Goed, kom, meneer, ek sal jou iets vertel. Jy het net *daaronder* gesit 'n rukkie gelede, en toe ek gepreek het, het jy geglo wat ek sê. Is dit reg? Wel, jou hartprobleem het jou verlaat terwyl jy *daaronder* gesit het. Nou, kan jy teruggaan, en Hom prys. God seën jou.

204 Glo jy, meneer, met jou hele hart? Ons is vreemdelinge vir mekaar, maar Jesus Christus ken ons albei. Nou, ek sien jou wegbeweeg van my af. Ja, jy het maagprobleme. Dis 'n maagsweer. Dit word veroorsaak deur 'n peptiese toestand van 'n senuweeagtige . . . veroorsaak senuweeagtige, en dit affekteer

die prostaat, want jy staan op in die nagte en sulke dinge. Is dit nie waar nie? Glo jy my as God se profeet? Gaan uit en gaan eet 'n hamburger, en gaan huis toe; vergeet dit. Jy gaan gesond word in die Naam van Jesus Christus.

Mag God hom gesond maak.

205 Kom, dame. Glo jy met jou hele hart, dame? As ek jou kon genees, sou ek dit doen. Ek kan nie. Maar as ek God se dienskneg is, kan jou lewe nie weggesteek word nie. Is dit nie reg nie? Jy besef jy's in die Teenwoordigheid van Iets behalwe jou broer, is dit reg? Dis Sy Teenwoordigheid. Het 'n moeilike tyd gehad, het jy nie, dame? Die lewe was nie 'n blombesaaide bed van gemak vir jou nie, sien ek, was altyd jou hele lewe lank, soort van 'n senuweeagtige, ontstelde toestand. Veral toe jy 'n skoolkind was, het jy baie probleme daarmee gehad, dis waar; klein vlegseltjies gedra. Maar nou, jy ly nou, aan 'n maagprobleem; dis wat dit was, is dit nie reg nie? in die hele vroueprobleem, dit alles? Kom 'n oomblik hier.

Almagtige God, mag U seëninge op die vrou kom. Mag sy huis toe gaan en gesond word. In Jesus Christus se Naam, bestraf ek die vyand. Amen.

God seën jou, suster. Gaan in geloof nou, met jou hele hart en juig, en dank God vir jou genesing.

206 Goed, kom, dame. Glo jy met jou hele hart? Die mees gevreesde siekte in die wêreld, 'n hartprobleem, um-hum, dis 'n senuweeagtige hart. Jy het gewoonlik jou probleem, let ek op, wanneer jy gaan lê, versmoor. Wat dit doen is, wanneer jy eet, gaan die gas op na jou hart, wat dit doen. Dis 'n senuweeagtige hart; dis nie een van daardie soort nie, maar jy gaan regkom. Ek sien dit word lig rondom jou. So God seën jou, suster.

Ek seën my suster, Vader, in die Naam van Jesus Christus, mag sy lewe. Amen. God seën jou, suster. Gaan, en glo nou met jou hele hart.

207 Jy het ook hartprobleme gehad. Jy. . . Toe jy. . . Iets het jou getref toe jy was. . . Dit was toe jy genees is. God seën jou. Gaan en sê: "Prys die Here."

208 Nierprobleme en blaas. Gaan jy glo dat God jou genees terwyl jy daar sit? Gaan net van die platvorm af, sê: "Dankie, Here Jesus," en jy sal gesond word. God sal.

209 Kom ons sê: "Prys die Here." Glo julle? Wat ons Here Jesus hier doen, kan Hy daarbuite doen. Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo; glo julle dit? Wees nou eendragtig. Nou op hierdie oomblik, kan die Heilige Gees elke persoon hierbinne genees, elkeen sterk en gesond maak.

210 Goed, kom, dame. Glo jy met jou hele hart? As God vir my kan laat weet wat jou probleem is, net soos Hy vir die vrou by die put gesê het: "Gaan haal jou man." Dit was haar probleem. As Hy

vir my sou sê. . .(Die visioene maak my so swak, jy sien, ek. . .) Glo jy? Het nierprobleme in jou rug, is dit reg? Jy het gehad. Jy het nie nou nie. Gaan huis toe; jou geloof het jou gered, in Jesus Christus se Naam.

211 Artritis en dinge het jou vir 'n lang tyd gepla, het dit nie, dame? Glo jy jy gaan nou gesond word? Mag jy dit ontvang, suster. Gaan en glo dit met jou hele hart, in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God.

212 Elke persoon hierbinne kan gesond gemaak word, net nou, as julle net sal glo. Vriende, God weet alle dinge, weet Hy nie? Daar is niks verberg vir God nie. Hy weet alle dinge, voor die wêreld nog begin het. Hy weet nou alle dinge.

So moeilik. . .

213 O, goeiste! As julle net sien wat in hierdie gebou deur trek. Hoe die heerlikheid van die opstanding van die Here Jesus Christus; ek ken Hom nou. Ek weet Hy's hier. Daarom, is alles ondergeskik aan Hom. Daar's niks wat God nie kan beweeg en doen nie; alle dinge gereed.

214 Sal jy kom? Glo jy? Glo jy jy is genees terwyl jy daar gesit het? 'n Paar dinge in die lewe wat jy nog wil opgee, is daar nie? Nou, gaan gee jy dit op, en jy sal gesond word. God seën jou, in die Naam van Jesus Christus.

215 Kom ons sê: "Prys die Here." O, wat Hy kan doen vir hierdie gehoor, net nou. Julle mag. . .Julle het geen reg om te betwyfel wat ek nou vir julle sê nie. Dis net soos 'n soliede bank oor hierdie gehoor, net nou, net soos, die Heilige Gees, wat net in die gehoor beweeg. Sal julle my glo? As julle sal, sê: "Amen."

216 Ek wil hê julle moet julle hand oorkant op mekaar sit, en ek sal vir julle wys wat God net nou sal doen vir die siekes en die beproefdes. Ek gee nie om hoe siek jy is, hoe sleg jy daaraan toe is nie. Ek wil hê jy moet nou glo, dat God dit gaan doen. As God, hier by hierdie platvorm, elke individuele siekte kan bestraf, kan Hy die hele groep bestraf. Nou, sal julle Hom nie glo nie? Elke persoon in die gebou is genees. Jesus het dit negentienhonderd jaar gelede gedoen. Julle is hier om dit te aanvaar. Daar's net een ding wat julle weerhou daarvan om dit te kry; dis daardie klein mistigheid van twyfel. So, ek gaan dit bestraf.

217 Here God, ek bestraf daardie duiwel van twyfel wat oor hierdie gehoor sal hang, in die Naam van Jesus Christus.

218 Satan, kom uit die mense uit. Kom uit hulle uit. Ek bestraf jou, Satan, dat jy hierdie mense sal verlaat en uit die. . .

54-0314 Waarom Ek Vir Die Siekes Bid
Suidland Teater
Columbus, Ohio V.S.A.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org